

'N EKSPERIMENTELE EVALUERING VAN DIE
ULTRALAEFREKWENSIEVERSHELLINGS BALLISTO=
KARDIOGRAM VAN DIE ROT

deur

PETRUS JOHANNES LAUBSCHER

'n Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike
nakoming van die vereistes vir die graad
Magister Scientiae in Fisiologie

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR
CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Studieleier: Prof. P.J. Pretorius
Hulp-studieleidster: Mev. H.H. Vorster

Potchefstroom
Januarie 1981

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
HOOFSTUK 1 INLEIDING	1
HOOFSTUK 2 LITERATUUROORSIG	
1. Beginsels-waarop ballistokardiogra= fie berus	4
2. Tipes ballistokardiografe	5
2.1 Die hoëfrekwensieballistokardiograaf	5
2.2 Die laëfrekwensieballistokardiograaf	6
2.3 Die ultralaëfrekwensieballistokardio= graaf	6
3. Die oorsprong van die ultralaëfrek= wensieversnellingsballistokardiogram	7
3.1 Die atriale kompleks	8
3.2 Die pre-ejeksiëkompleks	9
3.3 Die ejeksiëkompleks	10
3.4 Die diastoliese kompleks	12
4. Faktore wat bydra tot die oorsprong van die ballistokardiogram	13
4.1 Die anatomie van die bloedvate	13
4.2 Die bydrae van die pulmonale sirkulasie	14
4.3 Beweging van die hart	14
4.4 Bloedvloei in die perifere arteries	16
4.5 Bloedvloei in die venes	16

5.	Sommige faktore wat die ballistokardiogram beïnvloed	17
5.1	Asemhaling	17
5.2	Hartsnelheid	19
5.3	Bloeddruk	20
5.4	Hipoksie	21
6.	Die oordrag van die kardiale ballistiese kragte na die ballistokardiogramplatform	23
6.1	Eksterne koppeling	23
6.2	Inwendige koppeling	24
6.3	Die oordragfunksie	25
7.	Die ballistokardiogram en miokardiale kontraktiliteit	25
7.1	Bloedvloeiversnelling in die aorta	26
7.2	Drukontwikkeling in die aorta en linkerventrikel	27
8.	Die invloed van koronêre afbinding op die hart en die ballistokardiogram	29
HOOFSTUK 3 METODEDES		
1.	Apparaat	32
2.	Yking	34
3.	Narkose	36
4.	Operasietegnieke	38
4.1	Die vashegting van die hart aan die borswand	38

	Bladsy	
4.2	Afbinding van die koronêre arterie	39
5.	Voorsorgmaatreëls om variasie in resultate te beperk	39
5.1	Voorsorgmaatreëls ten opsigte van die proefdiere self	40
5.2	Voorsorgmaatreëls ten opsigte van die handtering van proefdiere en omgewingstoestande	40
6.	Beskrywing van die proefgroepe	42
7.	Identifisering van die ballistokardiogramgolwe	45
8.	Toetsing van die sensitiwiteit van die ballistokardiograaf	48
9.	Meting en meetmetodes	50
10.	Statistiese metodes	51
10.1	Die slag-tot-slagvariasie	51
10.2	Die tussen-rot-, tussen-meetmetode-, tussen-tyd- en tussen-weekvariasie	52
 HOOFSTUK 4 RESULTATE EN BESPREKING		
1.	Die normale ballistokardiogram	54
1.1	Die Q-tye	54
1.2	Die amplitudes	57
1.3	Die persentasie onidentifiseerbare golwe en segmente	59
1.4	Die effek van narkose op die hartsnelheid en die ballistokardiogramamplitudes	64

	Bladsy
1.5	Die slag-tot-slagvariasie 70
1.5.1	Die tussen-tydvariasie van die slag-tot-slagvariasie 73
1.5.2	Die tussen-weekvariasie van die slag-tot-slagvariasie 75
1.5.3	Die tussen-meetmetodevariasie in die slag-tot-slagvariasie 79
1.6	Die tussen-meetmetode-, tussen-tyd-, tussen-week- en tussen-rotvariasies 85
1.6.1	Die tussen-meetmetodevariasie 90
1.6.2	Die tussen-tydvariasie 91
1.6.3	Die tussen-weekvariasie 92
1.6.4	Die tussen-rotvariasie 92
1.6.5	Die tussen-tyd-, tussen-week- en tussen-rotvariasie in hartsnelheid 93
2.	Die ballistokardiogram na vashegting van die hart aan die borswand 94
2.1	Amplitudeveranderings 94
2.2	Die slag-tot-slagvariasie 98
3.	Die ballistokardiogram na afbinding van die koronêre arterie 101
3.1	Ballistokardiogram-amplitude en hartsnelheidsveranderings 107
3.2	Slag-tot-slagvariasie 114
HOOFSTUK 5	GEVOLGTREKKINGS 117
OPSOMMING	120
SUMMARY	124
BIBLIOGRAFIE	127
BEDANKINGS	151

HOOFSTUK 1

INLEIDING

As gevolg van sy fisiese grootte, hoë hartsnelheid en klein bloedvolume is die rot nie 'n baie geskikte proef=dier vir die ondersoek van kardiaale werkverrigting deur middel van direkte metodes nie. Gevolglik is daar relatief min gegewens oor die kardiaale werkverrigting van die rot bekend. Dit geld veral vir die hoër dinamiese gebeure van die kardiovaskulêre funksies. Met hoër dinamiese gebeure word die eerste en tweede tydafge=leides (snelheid en versnelling) van die fisiese as=pekte van die kardiaale funksie bedoel. Dit sluit metings in soos byvoorbeeld die snelheid van verande=ring van die aorta of die linkerventrikulêre druk en bloedvloeisnelheid of -versnelling.

Metodes om hartfunksie by rotte te bestudeer, is be=langrik, omdat waardevolle inligting verkry kan word ten opsigte van onder andere voedings-, metaboliese en genetiese invloede op die kardiovaskulêre stelsel. Daar is ook 'n behoefte aan navorsing in verband met die ontwikkeling van geskikte en betroubare indirekte metodes om hartfunksie by veral mense te bestudeer. Hiervoor is proefdiereksperimente noodsaaklik.

'n Metode wat verband hou met die hoër dinamiese ge=beure tydens kontraksie van die hart en redelik maklik uitvoerbaar is, is ballistokardiografie.

Ballistokardiografie is 'n indirekte of nie-ingrypende

metode. Geen operatiewe tegnieke word vereis vir die opname van 'n ballistokardiogram nie. Dit is in teenstelling met die ingrypende metodes waar operatiewe tegnieke wel 'n rol speel. Goëie korrelasies word verkry tussen die ballistokardiogram-amplitudes en die bogenoemde direkte of ingrypende metodes^{19 34 35}
111 138 144.

Die basis van hierdie korrelasies is geleë in die gemeenskaplike oorsprong van die ballistokardiogram en die ingrypende metodes, naamlik linkerventrikulêre ejeksie van bloed tydens sistolie. Ballistokardiografie verskil egter van die ingrypende metodes, omdat dit, buiten die ejeksie van die bloed, ook beïnvloed word deur faktore soos hartbeweging, pulmonale bloedvloei, bloedvloei in die perifere arteries en venes en die fisiese impulsoordrageienskappe van die liggaam^{92 80 84 101 128}.

Die ballistokardiogram word as gevolg van die bogenoemde invloede nog nie ten volle klinies of wetenskaplik aanvaar nie. Verdere navorsing in verband met die metode is egter geregverdig en noodsaaklik, omdat daar aanduidings is dat dit 'n baie sensitiewe meetmetode is vir die evaluering van kardiovaskulêre werkverrigting.

Die doel van hierdie ondersoek was dan om vas te stel of ballistokardiografie as meetmetode gebruik kan word in opvolg-eksperimente by rotte en of die vashegting van die hart aan die borswand dit beïnvloed. Daar is veral klem gelê op die herhaalbaarheid van die registrasie.

As gevolg daarvan is daar veral klem gelê op die herhaalbaarheid van die registrasie.

Ten eerste is die normale ballistokardiogram van die rot ten opsigte van tussen-rot-, tussen-tyd-, tussen-week-, tussen-meetmetode- en slag-tot-slagvariasie, bestudeer. Uit die bogenoemde resultate behoort daar gevolgtrekkings gemaak te kan word oor die herhaalbaarheid van die registrasie en moontlik oor die invloed van asemhaling op die ballistokardiogram-amplitude.

Ten tweede is daar gepoog om vas te stel of die ballistokardiogram-amplitudes en die reproduseerbaarheid daarvan beïnvloed word deur die vashegting van die hart aan die borswand.

Ten derde is die gebruik van die ballistokardiogram vir evaluering van die langdurige invloed van afbinding van die koronêre arterie op miokardiale werkverrigting ondersoek. In dié geval is die koronêre arterie van verskeie rotte afgebind en ballistokardiogramopnames vir die daaropvolgende weke gemaak.

Voor die uitvoer van die bogenoemde eksperimente is die sensitiwiteit van die apparaat getoets en die normale ballistokardiogrampatroon met dié van ander outeurs vergelyk. Daar is ook gepoog om die optimale ykingsfrekwensie met behulp van 'n Fourier-analise te bepaal.

HOOFSTUK 2

LITERATUUROORSIG

1. BEGINSELS WAAROP BALLISTOKARDIOGRAFIE BERUS

Funksioneel dien die hart as 'n pomp wat die sirkulasie van bloed in stand hou. Die linkerkant van die hart is 'n hoëdrukpomp wat bloed aan die sistemiese sirkulasie lewer. Die regterkant van die hart is 'n volume-pomp wat bloed aan die pulmonale sirkulasie lewer. Met elke sistolie is daar dus 'n massaverplasing van bloed in rigtings wat bepaal word deur die anatomie van die vaskulêre sisteem. Die swaartepunt van die bloedmassa in die liggaam word dus verplaas en dit veroorsaak dat die liggaam in die teenoorgestelde rigting sal beweeg, omdat die swaartepunt van die liggaam volgens die bewegingswette van Newton konstant moet bly in die ruimte.

Die beweging van die liggaam kan beskryf word in drie dimensies, naamlik die x-, y- en z-rigting, en in drie rotasies om die bogenoemde hoofasse, α , β en γ . Die verplasing, snelheid of versnelling van die beweging kan as 'n funksie van tyd geregistreer word en staan bekend as die ballistokardiogram. Soms word die derde tydafgeleide van die ballistokardiogram, bekend as die "jerk", geregistreer. Die ballistokardiogram is dus 'n registrasie van die verskillende tydafgeleides van die beweging van die liggaam in verskillende rigtings as gevolg van die swaartepuntverplasing van die bloedmassa wat veroorsaak word deur die kontrakisie van die hart.

2. Tipes BALLISTOKARDIOGRAWE

Daar word drie basiese tipes ballistokardiografe in die literatuur beskryf. Die basis van benaming is die natuurlike frekwensie van die apparaat, en die norm van vergelyking die rustende hartsnelheid by mense.

2.1 Die hoëfrekwensieballistokardiograaf

Die natuurlike frekwensie van die apparaat is 10 tot 15 herz, wat baie hoër is as die basiese menslike hartsnelheid van ongeveer 1 herz¹²⁰. Die ballistokardiogram verkry met die apparaat was egter nie 'n baie getroue weergawe van die beweging van die liggaam as gevolg van hartwerking nie en wel om die volgende redes:

- Die koppeling tussen die liggaam en die platform is ontoereikend^{12 79 113 120}.
- Die registrasie het nie snelheid of versnelling verteenwoordig nie, maar iets tussen-in¹²
- As gevolg van die sterk koppeling met die omgewing is die registrasie baie maklik vervorm deur omgewingsvibrasies¹²⁰.
- Alle frekwensies bokant 10 herz word uitgefilter¹²⁴.
- Resonansie by 3 herz vervorm die registrasie⁴¹.

Die apparaat van Dock is ook 'n hoëfrekwensie apparaat¹⁰⁴. Dit gee nie 'n getroue weergawe van liggaamsbeweging as gevolg van hartwerking nie^{41 81}.

2.2 Die laefrekwensieballistokardiograaf

Die natuurlike frekwensie van dié apparaat is ongeveer 1 herz⁷³. Die ballistokardiograaf word gedemp. Vorming van die ballistokardiogram wat met die tipe apparaat geregistreer is, het plaasgevind as gevolg van:

- Die koppeling tussen die platform en die proefpersoon wat, alhoewel dit beter was as by die hoëfrekwensie apparaat, nog sō swak was dat die platform nie in staat was om beweging as gevolg van die vinnige ejsiekragte akkuraat te volg nie¹²⁴.
- Asemhaling, behalwe wanneer 'n versnellingsmeter as omsetter gebruik word¹³⁹.
- Resonansie by 3 herz as gevolg van die vibrasie-eienskappe van die liggaam⁴¹.

2.3 Die ultralaefrekwensieballistokardiograaf

Die natuurlike frekwensie van dié tipe apparaat is ongeveer 0,3 herz²⁰.

Daar word drie verskillende basiese ontwerpe aangetref, naamlik:

- Die pendulum tipe waarvan daar verskillende variasies is¹⁰³. Dit bestaan uit 'n ligte platform wat gesuspendeer is aan vier kables. Anders as by die hoë- en laefrekwensie apparate is beweging nie slegs in die Y-rigting nie, maar ook in die X- en γ -rigtings moontlik.
- Die lugkussing tipe waar die platform op lugkussings beweeg. Dit het twee¹⁴, drie²² of selfs

ses¹⁴² grade van vryheid.

- Asook die tipe waar die ballistokardiograafplatform op kwik dryf en ses vryheidsgrade het¹²³.

Die koppeling tussen die platform en die liggaam hang grootliks af van die platformmassa en demping. Hoe ligter die platform, hoe beter sal die koppeling en hoe minder sal die vervorming van die ballistokardiogram wees^{131 79}. Die demping moet sodanig wees dat die basislyn met 'n enkele swaai met nie meer as 25% oorskrei word nie^{13 98}. 'n Ultralaefrekwensieballistokardiograaf met 'n ligte platform en die aanbevole demping veroorsaak dus 'n minimum vervorming van die ballistokardiogram⁷⁵. Frekwensiekomponente van tot 20 herz word deur ultralaefrekwensie-apparaat geregistreer⁴¹. Dit beslaan die hele ballistokardiografiese frekwensie-spektrum. Ballistokardiografiese frekwensie komponente bokant 20 herz is betekenisloos²¹.

Van die drie basiese tipes apparaate gee die ultralaefrekwensie-apparaat die getrouste weergawe van die ballistiese gebeure as gevolg van kardiaale kontrak-sie¹². Dit is dus die aangewese apparaat om te gebruik vir die registrering van ballistokardiogramme. Dit is dan ook die metode wat ander outeurs soos Južnič (1968)⁴⁹, (1970)⁵⁰, (1973)⁵¹, Pretorius (1966)³⁴, (1968)³¹ en Rademeyer (1968)³⁷ gebruik vir bestudering van die ballistokardiogram by klein diertjies.

3. DIE OORSPRONG VAN DIE ULTRALAEFREKWENSIE=VERSSELLINGSBALLISTOKARDIOGRAM

Die ballistokardiogram kan slegs bruikbaar wees vir

die evaluering van miokardiale werkverrigting as die oorsprong van die verskillende golwe en segmente bekend is. Die ballistokardiogramme van die verskillende soogdierspesies stem baie ooreen^{51 57 91 93 110}. Die subtiele verskille wat wel voorkom, kan moontlik toegeskryf word aan verskille in die anatomie van die vaskulêre stelsels. Die ballistokardiogram van die rot is egter 'n uitsondering, omdat dit 'n ekstra kompleks het wat nie by ander spesies aangetref word nie. Hierdie ekstra kompleks kan moontlik toegeskryf word aan atriale werkverrigting⁹⁶. Die ballistokardiogram word normaalweg verdeel in 'n presistoliese, 'n sistoliese en 'n diastoliese kompleks.

3.1 Die atriale kompleks

Met behulp van volledige AV-blok ektopiese slae, groot pulmonêre bloedverlies en verlenging van die PQ-interval het Rademeyer (1968)⁹⁶ en (1970)⁹⁷ en Pretorius (1966)⁹⁴, vasgestel dat golwe wat deur hulle benoem is as O', O'', F en G, veroorsaak word deur atriale same-trekking. Die O'O''-segment is 'n negatiewe golf wat 'n koudale versnelling verteenwoordig. Dit kan veroorsaak word deur 'n terugwaartse vloei in die groot kleplose vena cavas gedurende die begin van atriale sametrekking⁹⁶. Die O''F-segment van die atriale kompleks is 'n positiewe golf wat versnelling in 'n kraniale rigting verteenwoordig. Dit kan toegeskryf word aan die koudaalgerigte ejeksie van bloed in die ventri-kels gedurende sametrekking van die atria⁹⁶. Die vibrasie wat gepaard gaan met die vinnige ventrikulêre vulling word geregistreer as die vierde hartgeluid.

Die feit dat dit saamval met die O'0"- en F-golwe is 'n verdere aanduiding dat die O'0"- en F-golwe ver-
teenwoordigend is van atriale sametrekking⁹⁶

Gedurende algehele AV-blok as gevolg van katesjolakien=toediening word 'n laat-atriale golf geregistreer wat nie normaalweg sigbaar is nie. Dié 'a'-golf val saam met atriale repolariseringsgolf van die elektrokardiogram. Soms is 'n vyfde hartgeluid ook saam met die 'a'-golf geregistreer. As gevolg hiervan word die oorsprong van die 'a'-golf toegeskryf aan vinnige atriale vulling. Die atriale golf is wel sigbaar by die rot, omdat dit, anders as by ander spesies, wel 'n belangrike bydrae lewer tot ventrikulêre vulling. Dit hang moontlik saam met die hoë rustende hartsnelheid van die rot⁹⁶.

3.2 Die pre-ejeksiekompleks

Die pre-ejeksie golwe van die rotballistokardiogram is bekend as die H'-, H"- en H""-golwe⁹⁴. Al drie is positiewe golwe. Die H'-golf kom ooreen met die eerste gedeelte van die eerste hartgeluid⁹⁶. Die ooreenkoms van H' met die begin van die eerste hartgeluid, en die feit dat dit die karotis polsdrukregistrasie voorafgaan, maak dit moontlik dat die golf veroorsaak word deur die vibrasie van die hart en bloed gedurende isometriese sametrekking⁹⁶. Met behulp van 'n progressiewe AV-blok en 'n ektopiese slag vind Rademeyer (1968)⁹⁶ dat H' beïnvloed word deur atriale sametrekking en wel sō dat 25% van die amplitude bygedra word deur atriale sametrekking en 75% deur isometriese kontrakasie.

H" kan moontlik toegeskryf word aan ossillasies in die linker- en regter-ventrikels net voor die opening van die pulmonêre en aortakleppe. Die presiese oorsprong van H" is onbekend. Rademeyer (1968)⁹⁶ vind egter dat H" moontlik veroorsaak kan word deur regter-ventrikulêre ejeksie, sowel as die isometriese linker-ventrikulêre sametrekking. Volgens Rademeyer (1968)⁹⁶ is daar 'n verskuiwing in die posisie van H". Dit verdwyn volgens hom in feitlik al die gevalle met simpatiese stimulering.

By ander diere bestaan die gedeelte uit die F-, G- en 'n enkele H-golf. Die golwe vind hulle oorsprong moontlik in atriale kontraksie, hartbeweging en ventrikulêre isometriese kontraksie^{39 64 80 90 112 138 141}. Pretorius (1961)⁹⁰ skryf die ontstaan van die H-golf by honde hoofsaaklik toe aan isovolumetriese ventrikelkontraksie, terwyl West en Corbascio¹⁴¹ dit hoofsaaklik toeskryf aan atriale sametrekking.

3.3 Die ejeksiekompleks

Die ejeksiekompleks van die rot bestaan uit die I-, J-, K- en L-golwe. Pretorius (1966)⁹⁴ vind dat die stygende aorta van die rot parallel met die longitudinale as van die liggaam geleë is en verwag dus dat die rot 'n baie duidelike HI-segment moet hê. Met behulp van stimulasie van die miokardium, verlenging van die PQ-interval, ektopiese slae, afbinding van die onderste vena cava, amielniettoediening vir bloeddrukverhoging, pitrissientoediening vir bloeddrukverlaging en hipotermie vind Pretorius (1966)⁹⁴ en Rademeyer

(1968)⁹⁶ dat die segment waarvan die bopunt tussen ongeveer 49 en 58 millisekondes en die onderpunt tussen ongeveer 62 en 68 millisekondes geleë is, wel die HI-segment is wat die ejeksie van bloed in die opgaande aorta verteenwoordig.

Met afbinding van die posterior vena cava is daar 'n afname in polsdruk en die gemiddelde arteriële druk. Dit val saam met 'n groot afname in die amplitude van die J-golf. Die J-golf gee ook 'n akkurate weerspieëling van die inotropiese en chronotropiese effekte van adrenalien. Dit bring Rademeyer (1968)⁹⁶ tot die gevolgtrekking dat die J-golf hoofsaaklik veroorsaak word deur die maksimale ejeksie van bloed gedurende die laat-sistolie. Die stimulasie van die miokardium met adrenalien wys dat die regterhart ook bydra tot die oorsprong van die J-golf. Die afname van versnelling van bloed in die hart en die proksimale arteries het ook 'n invloed op die J-golf⁹⁶. Die K-golf is moeilik identifiseerbaar en is gewoonlik baie klein⁹⁶.

Die L-golf volg direk na die tweede hartgeluid en toon 'n sekere mate van korrelasie met die intensiteit van die tweede hartgeluid. Dit toon ook 'n tydswantskap met die dikrotiese keep in die karotis polsgolf en sy tydafgeleide. Daar is ook 'n amplitudeafname as gevolg van afname in ejeksie, soos byvoorbeeld gedurende die skielike vermindering van die bloedvolume. Dié gegewens laat Rademeyer (1968)⁹⁶ tot die gevolgtrekking kom dat die L-golf veroorsaak word deur 'n snelheidsverandering in die versnellings-

kragte as gevolg van die sluiting van die aortaklep.

Die ejeksiekompleks by die mens en ander diere bestaan uit die I-, J- en K-golwe. Met behulp van matematiese, meganiese en elektriese modelle van die hart en sirkulasiesisteen^{47 79 83 86 119 130} en verskillende eksperimentele metodes, soos byvoorbeeld die afbinding van die groot bloedvate by die hart⁹⁰ en eksperimente met kadawers^{117 121}, word bewys dat die ejeksiekompleks hoofsaaklik veroorsaak word deur die beweging van bloed in die groot bloedvate tydens sistolie.

Die sistoliese kompleks is dan ook die belangrikste golwe van die ballistokardiogram, omdat hulle direkte doen het met die ejeksie van bloed uit die hart uit en dus dié golwe is wat moontlik gebruik kan word vir die evaluering van miokardiale kontrakisie. Die I-golf, of dan die HI-segment, verteenwoordig die versnelling van die bloed in die opgaande aorta. Die J-golf, of IJ-segment, verteenwoordig die versnelling van bloed in die afgaande aorta, terwyl die K-golf veroorsaak word deur die afname in versnelling van bloed in die long en die torakale en abdominale aorta^{68 92 109 112 113 117}.

3.4 Die diastoliese kompleks

By rotte bestaan dit uit die L-, M-, N- en O-golwe. 'n Gallop ritme wat ontstaan as gevolg van hoë bloeddruk vervorm die golwe. Hierdie abnormale golwe val saam met die derde hartgeluid⁹⁶. Dit kan veroorsaak word deur arteriële resonans⁹⁶.

By ander soogdierspesies bestaan die diastoliese kompleks uit die L-, M- en N-golwe en word hoofsaaklik gevorm deur die bloedvloei in die perifere arteries, verslapping van die ventrikels, passiewe ventrikulêre vulling en sluiting van die halfmaanvormige kleppe⁸²

90 109

4. FAKTORE WAT BYDRA TOT DIE OORSPRONG VAN DIE BALLISTOKARDIOGRAM

4.1 Die anatomie van die bloedvate

Om 'n akkurate optimale registrasie van die ballistiese kragte wat ontstaan met sistolie te verkry, moet die opnamerigting parallel wees met die hoofrigting van die kragte. Die rigting van die ballistiese kragte word bepaal deur die anatomie van die groot bloedvate om die hart. 'n Ideale opnamerigting vir ballistokardiogramme is dus 'n rigting parallel met die opgaande en afgaande aorta. By mense staan dit bekend as die Y-rigting, die longitudinale rigting, of die kopvoet rigting. Die bloedvatsisteem-anatomie van diere verskil van dié van mense. Dit veroorsaak dat die optimale ballistokardiogram-opnamerigting van diere van die Y-rigting sal afwyk. Pretorius (1962)⁹⁰ vind dat die ballistokardiogram-amplitudes by honde verander as die opnamerigting verander. Hy kry maksimum H₂I-segment uitwyking by 'n opnamerigting van 67,5° as die Y-rigting 0° en die noemeringsrigting anti-klokgewys is. Maksimum amplitudes vir IJ en IJ₂ word verkry by 'n opnamerigting van 45°. Die optimale opnamerigting by skape en bokke is 45° en 60°⁹³. Josenhans (1961)⁴⁷ toon ook met behulp van 'n meganiese

model aan dat 'n verandering in die verplasingrigting van bloed die vorm van die ballistokardiogram sal verander. Rademeyer (1968)⁹⁶ vind HI-amplitudeveranderinge van soveel as 44% by rotte waarvan die aortarigting deur eksterne drukking op die rot verander is om beter by die Y-rigting te pas.

4.2 Die bydrae van die pulmonale sirkulasie

Die pulmonale sirkulasie se bydrae tot die ballistokardiogram is baie kleiner as die sistemiese bydrae^{82 84}, omdat die regterhart tydens sistolie die bloed teen 'n baie laer druk in 'n baie korter vat as die aorta inpomp⁸⁶. Die bydrae is ongeveer 15% as die oppervlaktes onder die kurwes vergelyk word en nog kleiner as die amplitudes vergelyk word¹¹⁸. Dit stem min of meer ooreen met resultate wat Noordergraaf(1961) verkry met 'n elektroniese modelstudie⁸⁰. Die groot bydrae van 45% wat Starr (1950)¹¹⁷ rapporteer, kan toegeskryf word aan die feit dat met nabootsing van die regterventrikulêre ejeksie, dieselfde grootte krag gebruik is as wat gebruik is vir nabootsing van linkerventrikulêre ejeksie.

4.3 Beweging van die hart

Die belangrikste faktore wat beweging van die hart veroorsaak, is die vormverandering daarvan en die massa-verspreiding daarin. Hierdie kragte, wat ontstaan as gevolg van die relatiewe swaartepuntverplasing van die hart en die vloei van die bloed daaruit, word aan die liggaam oorgedra met behulp van die elastiese koppeling van die hart aan die borswand. Die natuurlike frekwensie van die elastiese suspensiesisteam van die

hart in die liggaam is ongeveer twee herz¹³⁹. Dit val binne die frekwensiegebied van die ballistokardiogram wat aandui dat die ballistokardiogram wel deur hartbeweging beïnvloed kan word.

Gegewens afkomstig van studies met meganiese en elektroniese modelle van die hart en sirkulasiesisteem, sowel as studies met behulp van kadawers en lewende diere, ondersteun die bogenoemde gevolgtrekking.

Volgens Rodenbeck (1962)¹⁰¹ is die bydrae van hartbeweging op die ballistiese liggaamsverplasing as gevolg van kontraksie, 20% tot 30%. Noordergraaf (1961)⁸⁰ stel die bydrae op ongeveer 10%, terwyl Cunningham (1972)¹⁹ beweer dat dit groter kan wees in gevalle waar daar anatomiese of klepafwykings is. Tomek (1974)¹²⁶ vind dieselfde waardes as Noordergraaf. Hy bevind verder dat die belangrikste bydraende faktor tot hartbeweging tydens sistolie, die verandering in die massaverspreiding van die hart self is.

Tydens sy eksperimente met kadawers kon Starr (1967)¹¹⁸ nooit 'n H-golf registreer nie. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die eksperimentele opstelling waar 'n bewegende hart afwesig was.

Pretorius (1962)⁹⁰ bevind dat die afsluiting van die vena cava by honde geen invloed op die H-golf het nie. Ejeksie van bloed speel in dié geval dus geen rol in die vorming van die H-golf nie, maar moontlik wel kragte wat ontstaan tydens die isovolumetriese kon-

traksiefase wat moontlik beweging van die hart kan wees.

4.4 Bloedvloei in die perifere arteries

Omdat daar 'n kontinue kolom bloed in die arteries teenwoordig is wat begin beweeg met ejeksie, kan die bloedvloei in die perifere bloedvate wel die sistolie=se kompleks van die ballistokardiogram beïnvloed. Noordergraaf en Heynekamp (1958)⁸⁴ deel die arteries in nege groepe in en bereken die bydrae van elke groep op die verplasingsballistokardiogram. Uit die berekeninge kan afgelei word dat die grootste bydraende faktor die beweging van bloed in die torakale en die abdominale aorta is.

Met behulp van 'n elektroniese model skat Noordergraaf (1961)⁸⁰ die bydrae van die bloedbeweging in die perifere arteries as 20% van die totale ballistiese effek. Die versnellingsballistokardiogram is egter minder gevoelig vir die perifere bloedvloei as die verplasingsballistokardiogram, omdat die bydraes daarvan hoofsaaklik laefrekwensie gebeure is. As die invloed van die arms, die bene en 'n gedeelte van die sirkulasie in die abdomen weggelaat word, verander die IJ-amplitude met slegs 10%. Die K-, L- en M-golwe word ook beïnvloed¹³⁸.

4.5 Bloedvloei in die venes

Die venes vervoer bloed in die rigting van die hart en sal dus ejeksiekragte opponeer. Die invloed van die stadigbewegende bloed in die volume vate is so klein dat dit onder normale omstandighede weggelaat kan word.

5. SOMMIGE FAKTORE WAT DIE BALLISTOKARDIOGRAM BEÏNVLOED

Die volgende aantal faktore word bespreek, omdat dit in die eksperimentele opset van hierdie studie moontlik 'n invloed op die ballistokardiogram van die genarkotiseerde rot kan hê.

5.1 Asemhaling

Asemhaling skep veral probleme by die registrasie van die ultralaefrekwensieverplasingsballistokardiogram⁵⁶. Dit voeg 'n stadige, onreëlmatige sinusgolf by die ballistokardiogram. Die hooforsaak hiervan is verplasing van die abdominale en torakale inhoud. Verskillende metodes is aangewend ter eliminerings van die asemhalingsinvloed^{56 85}. Die versnellingsballistokardiogram is nie in so 'n groot mate onderworpe aan sturings as gevolg van asemhaling nie. Met buitengewone kragtige asemhaling sal die basislyn van die versnellingsballistokardiogram wel stadige ossilasies, sowel as klein, vinnige pieke, vertoon. Laasgenoemde verandering kan toegeskryf word aan die vinnige rigtingverandering van die diafragma¹¹⁰.

Die beweging van die torakale wand en die diafragma veroorsaak 'n verplasing van die hart en die groot bloedvate. Soos in paragraaf 4.1 vermeld is, verander die anatomiese oriëntasie van die hart en bloedvate die vorm en amplitude van alle ballistokardiogramkomplekse⁵⁹.

Asemhaling veroorsaak verder ook nog hemodinamiese

veranderinge. Met die daling van intra-torakale druk as gevolg van inaseming, verhoog die bloedtoevoer na die regterventrikel. Die regterventrikulêre slagvolume, en dus ook pulmonale bloedvloei, neem toe. Die linkerventrikulêre slagvolume styg na verloop van etlike sekondes. Die styging van die linkerventrikulêre slagvolume is minder as die styging van die regterventrikulêre slagvolume, omdat 'n deel van die bloed blykbaar in die longe opdam¹³³. Met uitaseming neem die regterventrikulêre omset af. Dit word gevolg deur 'n linkerventrikulêre omsetafname¹¹⁶. Volgens die Frank-Starlingbeginsel sal beter vulling van die hart 'n verhoging in kontraktiliteit veroorsaak, en dit is volgens Starr en Friedland (1946)¹¹⁶ die meganisme agter die groter amplitudes van die ballistokardiogram tydens inaseming.

Met asemhaling is daar ook 'n verandering in hartsnelheid wat bekend staan as sinus-aritmie. Dit word moontlik deur senuweemeganismes veroorsaak^{5 102}. Met inaseming neem die hartsnelheid toe, en met uitaseming neem die hartsnelheid af. Met 'n toename in hartsnelheid is daar ook 'n toename in die kontraktsiekrag van die hart, die Bowditch-verskynsel^{55 65}, wat ook verantwoordelik kan wees vir die verandering in ballistokardiogram-amplitudes met asemhaling.

Dit is dus duidelik dat die asemhaling 'n tipiese en herhalende slag-tot-slagvariasie veroorsaak. Met inaseming sal die ballistokardiogram-amplitude groter word en met uitaseming sal die amplitude kleiner word.

By honde word egter gevind dat die ballistokardiogram-amplitude kleiner word met inaseming en groter word met uitaseming⁹⁰. Dit kan verklaar word aan die hand van die feit dat die toename in veneuse terugvoer met inaseming, eers by die linkerhart uitkom ná 'n vertering van drie tot vier hartslae. Die toename in pulmonale vloei na die linkerventrikel vind dan gedurende uitaseming plaas. Dit kan ook aangehelp word deur die toename in intra-torakale druk met uitaseming. Hierdie geleidelike toename in pulmonale terugvoer na die linkerventrikel wat in aanvang neem na die begin van uitaseming, veroorsaak dan volgens die Frank-Starlingbeginsel, 'n toename in die linkerventrikulêre omset en ejeksiekrag, wat dan verantwoordelik is vir die amplitude-veranderinge in die ballistokardiogram van die hond⁹⁰.

5.2 Hartsnelheid

Natriumpentobarbitoon narkose verhoog die hartsnelheid van diere^{107 140}. Met rotte is daar egter nie 'n styging nie, maar wel 'n geleidelike afname. Hoë hartsnelheid hou dié nadeel in dat daar superponering van die ballistokardiogramkomplekse kan plaasvind. Die vorm van die komplekse verander nie met verandering in die hartsnelheid by normale harte nie, maar by koroêre hartsiekte is daar wel 'n verandering in die vorm van die ballistokardiogram met 'n toename in hartsnelheid¹⁰⁵. Die slag-tot-slagvariasie word groter met 'n styging in die hartsnelheid^{60 140}. 'n Toename in hartsnelheid veroorsaak 'n vergroting in die ballistokardiogram-amplitude⁴⁴ moontlik as gevolg van die aan-

vanklike verhoging in die kontraktsiekrag van die hart met 'n toename in hartsnelheid (die Bowditch-verskynsel)^{55 65}. Die omgekeerde van die bogenoemde effek sal verkry word met die afname in hartsnelheid.

5.3 Bloeddruk

Bloeddruk word onder andere bepaal deur die pompaksie van die hart, die perifere weerstand, die hoeveelheid bloed in die arteriële sisteem, die viskositeit van die bloed en die elastisiteit van die arteriewande. Een van die faktore wat hom maklik leen tot manipulasie, is die perifere weerstand, omdat dit baie gevoelig is vir α -reseptorstimulasie. Met die toediening van α -reseptor stimulerende farmaka kan die invloed van verhoogde bloeddruk op die ballistokardiogram nagegaan word.

Die toediening van adrenalin, wat die α - en β -reseptore stimuleer, veroorsaak na die toediening van pro-ethalol wat β -reseptor stimulering inhibeer, 'n verhoging in bloeddruk, sonder die parallelle toename in hartsnelheid of kontraktiliteit van die hart. Dit laat die ballistokardiogram-amplitude afneem, omdat onder die bogenoemde toestande, die ejeksiekrag van die hart konstant bly, maar die nabelading (bloeddruk) toeneem⁶⁹. Die hele ejeksiekompleks word deur verhoogde bloeddruk beïnvloed, die IJ-segment egter meer as die HI-segment⁸⁷.

Pretorius (1962)⁹⁰ vind ook dat die amplitude van die IJ-segment afneem ná die toediening van 'n groot dosis

noradrenaliën. Die toediening van nitroglikerien, wat 'n bloedvatverwydende effek het, vergroot die amplitudes van die sistoliese kompleks. Die IJ-helling neem ook toe. Die toediening van 'n bloedvatvernouende stof, phenielephrien, veroorsaak weer 'n afname in die amplitudes van die sistoliese kompleks, asook 'n afname in die IJ-helling²³.

Die toediening van amielnitriet verlaag die bloeddruk (nabelading)^{33 94} en veroorsaak 'n styging in die ballistokardiogram-amplitude wat verklaar kan word deur die afname in nabelading. Pitressientoediening^{33 94} veroorsaak 'n aanvanklike styging van die bloeddruk, met 'n gevolglike afname van die HI-amplitude. Na vier tot sewe minute vind die omgekeerde plaas. As alle ander faktore konstant gehou word, sal 'n verlaging in bloeddruk 'n toename in ballistokardiogram-amplitude veroorsaak, terwyl 'n verhoging in bloeddruk 'n afname van die ballistokardiogram-amplitude sal veroorsaak.

5.4 Hipoksie

Hipoksie word gekenmerk deur 'n lae arteriële suurstofdruk. Daar is 'n verskeidenheid oorsake, waarvan die belangrikste vir hierdie projek, die onderdrukking van die respiratoriese sentrum is. Dit volg normaalweg op die narkotisering van die proefdier met behulp van natriumpentobarbitoon^{36 63}. Die verlaging in die gedeeltelike suurstofdruk van die bloed wat die brein en die perifere chemoreseptore perfuseer, sal 'n bifasiese invloed op die hart hê.

Die verlaagde gedeeltelike suurstofdruk stimuleer aan-

vanklik die chemoreseptore in die arterie karotis wat deur middel van vagusstimulasie 'n afname in die kardiaale werkverrigting veroorsaak. As die verlaagde gedeeltelike suurstofdruk nie herstel nie, sal isgemie van die brein ontstaan. Dit sal lei tot 'n verhoging in kardiaale werkverrigting as gevolg van simpatisese stimulasie. Hierdie effek duur slegs vir 'n paar minute. Daarna onderdruk die isgemie die aktiwiteit van die sentrale senuweestelsel wat sal lei tot 'n afname van onder andere kardiaale werkverrigting²⁴.

Die gedeeltelike suurstofdruk in die bloed sal egter ook 'n direkte invloed op die miokardium hê. Die effek van hipoksie is tweeledig. 'n Effense verlaging van die gedeeltelike suurstofdruk sal 'n stimulerende uitwerking op die miokardium hê, terwyl 'n groot afname 'n inhiberende invloed sal hê. 'n Hart wat blootgestel word aan hipoksie, sal sy energie vanaf die anaerobiese metabolisme moet kry, wat maar 6% van die totale hoeveelheid energie is wat verkry kan word met aerobiese metabolisme¹⁰². Miokardiale hipoksie wat nie verlig kan word deur 'n toename in koronêre bloedvloei nie, sal dus 'n direkte onderdrukkende invloed op die miokardium hê.

Die IJ-amplitude in proefpersone neem met 40% toe as gevolg van 'n styging in hoogte vanaf seevlak tot 2 000 meter bokant seespieël. Die amplitudetoename vind geleidelik oor 'n tydperk van aqt dae plaas waarna dit afneem, sodat 15 dae ná die begin van die eksperiment, die IJ-amplitude slegs 10% hoër as die kontrolewaardes is¹⁵. Met kwantitatiewe ballistokardiografie vind

Trefný en Svačina (1970)¹²⁹ slegs 'n klein toename in sistoliese krag met die verlaging van die arteriële suurstofdruk. Die grootste kompensasie vind plaas deur 'n verhoging van die hartsnelheid. As sistoliese krag gebruik Trefný die rekenkundige gemiddelde amplitude van die HI-, IJ- en JK-segmente.

Daar is egter nie net 'n toename in die amplitude van die ballistokardiogramgolwe nie, maar ook in die HI-helling met hipoksie⁷⁰.

6. DIE OORDRAG VAN DIE KARDIALE BALLISTIESE KRAGTE NA DIE BALLISTOKARDIOGRAMPLATFORM

6.1 Eksterne koppeling

In paragraaf 2 word genoem dat die koppeling tussen die liggaam en die platform wel 'n invloed op die ballistokardiogram het. Dit word veroorsaak deur:

- Die elasticiteit van die laag weefsels tussen die skelet en die platform⁷⁵.
- Die tipe oppervlakte van die platform¹³⁷.
- Die buigbaarheid van die platform¹³⁷.
- Die gebruik van 'n voetstuk¹³⁷.
- Die massa van die platform¹³¹.

Die platformmassa moet minstens een-vyftiende van die liggaamsmassa wees om die vinnige beweging van die liggaam akkuraat te kan volg, anders kan die veereffek van die dorsale weefsels resonans- en fase-verskuiwings veroorsaak¹²². Die oordrag van ballistiese kragte tussen die liggaam en die platform word baie goed be-

skryf deur die oordrag van kragte tussen twee gedemp= te gekoppelde ossilators⁷⁴. Evaluering van die eks= terne koppeling volgens die bogenoemde sisteem toon aan dat die oordragsvervorming van die ultralaefrekwen= sieversnellingsballistokardiogram as gevolg van koppe= ling minimaal is⁷⁵.

6.2 Inwendige koppeling

Die liggaam is nie 'n starre eenheid nie, maar bestaan uit los gekoppelde dele wat elk sy eie vibrasiefrekwen= sie het²¹. Die kop en die ledemate beweeg op die romp en die abdominale organe beweeg met respirasie. Die traagheid van vloeistofmassas in die sirkulasie, blaas, spysverteringskanaal, serebrospinale kanaal, en ander abnormale toestande in die pleura en die peritoneum, veroorsaak ekstra bewegings wat die ballistokardiogram sal vervorm. Die "elastiese" liggaam tree ook op as 'n meganiese filter wat frekwensies bokant 15 herz uit= filtreer en ander frekwensies laat resoneer²¹. Gedu= rende die begin van ejeksie, wanneer die bloed nog in die aorta is, is die koppeling hoofsaaklik in die bors= kas. Die normale natuurlike resoneringsfrekwensie van die torakale visera is tussen drie en vyf herz⁷⁶. Die viserale massa reageer dan net passief op die beweging in die borskas. Enkele millisekondes later beweeg die drukgolf in die abdominale arteries in en is die abdominale streek met 'n resoneringsfrekwensie van on= geveer 6,5 herz²⁹ die hoofoordrag-area van die druk= golf. Die res van die liggaam reageer dan nou pas= sief op die beweging van die abdominale massa. Omdat die natuurlike frekwensies van die relatiewe beweging

van die verskillende dele van die liggaam binne die frekwensiegebied van die ballistokardiogram val, sal dit 'n invloed op die vorm en die amplitude van die ballistokardiogram hê¹²⁸.

6.3 Die oordragsfunksie

Die oordragsfunksie kan gedefinieer word as die verhouding van die versnelling van die ballistokardiograafplatform tot die krag wat deur die hart uitgeoefen word en word bepaal deur beide die interne en die eksterne koppeling³². Verskeie pogings is al aangewend om die oordragsfunksie of liggaamsimpedans te bepaal^{26 27 31 139}. Die oordragsfunksie bly konstant met verandering in die inotropiese toestand van die hart. Die koppeling tussen die vloeiensnelheid in die opgaande aorta en die ballistokardiogram is liniêr en konstant²⁶. Die oordragsfunksie tussen hond en hond²⁶ en tussen verskillende proefpersone verskil heelwat¹²⁷. Die oorsake van die spreiding of verskille en metodes om dit te beheer, sal vasgestel moet word. As daar dan 'n realistiese liggaamsmodel ontwerp is, kan die invloed van die oordragsfunksie moontlik deur middel van elektriese stroombane uitgeskakel word.

Die oordragsfunksie kan moontlik 'n groot rol speel in die tussen-dier- en tussen-dagvariasies van die ballistokardiogram¹⁴⁰.

7. DIE BALLISTOKARDIOGRAM EN MIOKARDIALE KONTRAKTILITEIT

Die ballistokardiogram kan net bruikbaar wees as 'n

aanduider van miokardiale kontraktiliteit as dit korreleer met direkte metings daarvan, soos maksimale versnelling van bloed, of drukontwikkeling in die aorta of ventrikel. Eksperimente met kadawers¹²¹ toon aan dat daar wel 'n verband tussen die krag van die hart en die ballistokardiogram-amplitudes bestaan.

7.1 Bloedvloei versnelling in die aorta

'n Aantal outeurs vind dat die maksimale versnelling van bloed in die aorta met sistolie wel 'n betroubare indeks van miokardiale kontraktiliteit^{2 3 77} is.

By die ballistokardiogram is dit veral die IJK-kompleks wat sensitief is vir veranderinge in die ejeksiepatroon. Die amplitude van die I-golf neem proporsioneel toe met die beginversnelling van ventrikulêre uitvloei¹³⁰. Die bogenoemde resultate wat verkry is met 'n elektroniese model van die hart en sirkulasiesisteam stem ooreen met direkte metings by proefdiere waar die verandering in die ballistokardiogram HI- of IJ-amplitudes korreleer met die verandering in maksimale ejeksieversnelling van bloed as gevolg van die intra-veneuse of intra-koronêre toediening van katesjolamiene^{34 35 111, 135 144}.

Van den Bos et al (1976)¹³⁵ vind dat honde met groot ballistokardiogramme lae bloedversnellingswaardes kan hê, terwyl honde met hoë versnellingswaardes klein ballistokardiogramme kan hê. Dit bring hom tot die gevolgtrekking dat daar nie 'n kwantitatiewe verband tussen die versnelling van bloed in die aorta en die

ballistokardiogram-amplitude kan wees nie. Tog vind dieselfde outeur met 'n ander studie dat, soos reeds hierbo genoem, die ballistokardiogram-amplitude goed korreleer met veranderinge in maksimale bloedvloeierv=snelling as gevolg van isoproterenoltoediening¹³⁶. Dit wil dus voorkom asof die ballistokardiogram slegs gebruik kan word om hemodinamiese verandering by die= selfde individu aan te dui, en nie om kwantitatiewe waardes daarvoor te kry nie. Die rede daarvoor lê onder andere opgesluit in die groot individuele va=riasië van die oordragsfunksie wat beskryf word in paragraaf 6.3.

7.2 Drukontwikkeling in die aorta en linkerventrikel

Die snelheid waarmee druk in die linkerventrikel styg, is ook 'n aanvaarde aanduider van miokardiale kontrak=tiliteit¹⁰⁰. Omdat kontraktiliteitsveranderinge ge=definieer kan word as veranderinge in die fundamentele eienskappe van die kontraktiele element self¹³³, kan gesê word dat verandering in kontraktiliteit gepaard gaan met 'n verandering in die snelheid van spierver=korting, drukontwikkeling en ejeksiesnelheid. Uit die aard van die oorsprong van die ballistokardiogram is dit moontlik dat dit met beide die drukstyging in en die ejeksiesnelheid van die linkerventrikel, asook drukstyging in die begin van die aorta, kan korreleer.

Cunningham (1972)¹⁹ bevind dat die ballistokardiogram onder normale omstandighede nageboots kan word deur die som van die eerste afgeleide van die kopwaartse en voetwaartse arteriële polsdrukke. Eksperimente met

mense⁴⁰ en bokke³⁵ toon dat die eerste tydafgeleide van die sistoliese druk onderskeidelik die aorta en ventrikel, en die amplitude van die ballistokardiogram saam verander. By mense is daar 'n korrelasiekoëffisiënt van 0,81 tussen ballistokardiogram-amplitude en ventriekulêre drukstyging. Green (1969)³⁵ wat gebruik maak van intra-veneuse toedienings van katesjolamiene, pitressien, amielnitriet, ildamen* en propranolol vir die vasstelling van die bogenoemde verband, gee geen kwantitatiewe evaluering daarvoor nie, maar toon wel aan dat daar 'n korrelasie tussen kontraktiliteitsveranderinge en die ballistokardiogram-amplitudes bestaan.

Die eerste afgeleide van die karotis pols korreleer met die HI-amplitude¹.

Die basis vir die korrelasies tussen die ballistokardiogram en die afgeleides van die druk en die vloei, lê daarin dat dit 'n gemeenskaplike oorsprong het. Die druk en die vloei-metings is net afhanklik van die gedrag van die linkerventrikel, terwyl die ballistokardiogram egter, afgesien van die kontraksiegedrag van die linkerventrikel, ook afhanklik is van 'n hele aantal ander faktore soos aangedui word in Hoofstuk twee, paragraaf 6 en 7 op bladsye 23 en 25. Daar kan dus nie 'n direkte kwantitatiewe verband wees tussen die ballistokardiogram en direkte hemodinamiese metings nie.

Dit is egter duidelik dat die ballistokardiogram 'n baie sensitiewe aanduider van verandering in die hoërdinamiese funksies van die hart is³⁵.

* 'n Aminoketoon van die fenieletilamien groep.

8. DIE INVLOED VAN KORONÊRE AFBINDING OP DIE HART EN DIE BALLISTOKARDIOGRAM

Die koronêre bloedvoorsiening van die rot geskied deur 'n tweeledige sisteem. Buiten die linker- en regter-koronêre arteries is daar ook 'n stelsel wat bekend staan as die ekstra-koronêre arteries. Hierdie arteries is die kardiaale takke van die kardiakomediastinale arterie wat gewoonlik 'n vertakking van die interne borsklieerarterie of die subklaviese arterie is. Hierdie ekstra-koronêre arteries voorsien hoofsaaklik die atria van bloed³⁸.

Die regter-koronêre arterie voorsien die interatriale septum, die wande van die regterventrikel en ook die ventrale en laterale wande van die regteratrium³⁸. Die linkerkoronêre arterie voorsien die wande van die linkerventrikel, sowel as die interventrikulêre septum, van bloed³⁸. Daar is ook geen definitiewe sirkumfleksarterie by die rot teenwoordig nie⁴⁵. Die ruimtelike oriëntasie van die koronêre arteries stem ook ongeveer ooreen met dié van die koronêre vene wat duidelik sigbaar is³⁸.

Omdat die regterkoronêre arterie en die ekstra-koronêre bloedvate geen verband hou met bloedtoevoer na linkerventrikel nie, sal afbinding van slegs die linkerkoronêre arterie genoegsaam wees om isgemie en moontlik infarktering van die linkerventrikulêre wande te veroorsaak.

Die meganiese versteuring van die koronêre bloedvloei

veroorzaak 'n afname in die oksidatiewe mitochondriale ATP-vorming⁸⁰. Sitochroomoksidase-aktiwiteit begin afneem 12 ure nadat die koronêre arterie afgebind is. Na 72 uur is daar feitlik geen sitochroomoksidase-aktiwiteit meer in die infarktgebied nie⁵³. Glikogenolise van die endogene glikogeen word gestimuleer^{10 102}. Die opname van glukose word ook gestimuleer en die glikoliseproses versnel¹⁰. Die voorsiening van ATP deur die glikoliseproses is ontoereikend vir die normale werking van die hart en word ook verder benadeel deur die ontwikkeling van asidose in die infarkterende weefsel⁸⁰. Die energietekort laat die kontraksievermoë van die beskadigde spier afneem. Dit veroorsaak dat die druk wat tydens sistolie ontstaan, groter word as die kontraktiele spanning in die isgemiese weefsel wat veroorsaak dat dit uitbult. Hierdie uitbulting van die miokardium stimuleer, strek of druk reseptore wat die Bezold-Jarishrefleks inisieer. Dit veroorsaak bradikardie deur vagus-stimulering en 'n daling in bloeddruk deur 'n afname in simpatiese stimulasie^{20 71 89 125}

'n Te groot daling in die bloeddruk inisieer weer die baroreseptor-refleks wat die Bezold-Jarishrefleks oorheers en 'n toename in hartsnelheid en bloeddruk tot gevolg het²⁰.

As gevolg van die koronêre afbinding is daar dus 'n afname in slagarbeid, snelheid van drukontwikkeling, maksimale linkerventrikulêre bloedvloeierversnelling, bloeddruk en kardiaal omset^{37 52 77 144}. Die onbeskadigde deel van die hartspier kompenseer vir die afname in effektiwiteit van die beskadigde deel en 'n

herstel in effektiwiteit van hartwerking vind plaas³⁷. Die mate van kompensasie hang af van die metaboliese en funksionele integriteit van die nie-geïnfarkteerde weefsel³⁷. Die kompensasie gaan ook gepaard met 'n toename in proteïensintese in beide die geïnfarkteerde en nie-geïnfarkteerde weefsel⁶².

Die veranderinge veroorsaak 'n afname in die IJ-amplitude en die ballistokardiogrampatroon word onreëlmatig^{67 144}. Die HIJ-amplitudeveranderinge is ook gevoeliger vir die gevolge van koronêre afbinding as parameters soos spitsvloei en maksimale versnelling¹⁴⁶. Die ballistokardiogram wat geneem is in die longitudinale rigting is gevoeliger vir die gevolge van afbinding van die koronêre arterie as die laterale of dorsoventrale ballistokardiogram⁷⁸. Die abnormale ballistokardiogrampatroon wat ontstaan met koronêre afbinding stem ooreen met ballistokardiogrampatroonveranderinge tydens koronêre hartsiekte⁷⁸.

HOOFSTUK 3

METODES

1. APPARAAT

'n V-vormige polistireen platform met 'n binnehoek van 120° is gebruik. Dit is met behulp van dun, nie-rek= bare tou aan 'n staalraamwerk gekoppel wat op 'n lae staander gemonteer is. 'n Nekstut is vier sentimeter vanaf die koppenent aangebring om beter koppeling tus= sen die proefdier en platform te bewerkstellig. Dit het ook gedien as 'n verwysingspunt waarvolgens die rot telkens op dieselfde plek op die platform geplaas kon word^{96 134}. Die V-vorm van die platform het laterale steun aan die proefdiere verleen en dus ook bygedra tot beter koppeling.

Die afmetings van die platform was 20 x 9,5 sentimeter en die massa daarvan 3,71 gram. Die sisteem was onge= demp met 'n natuurlike frekwensie van 0,35 herz. Dit is effens hoër, as die aanbevole frekwensie van 0,30 herz wat geld vir 'n basiese hartfrekwensie van 1,2 herz²⁰. Die dominante frekwensie by die rotbal= listokardiogram is egter veel hoër⁴⁹, sodat die na= tuurlike frekwensie van 0,35 herz aanvaarbaar is. Die suspensiepunte aan die raamwerk is ook naby aan mekaar geplaas om die natuurlike rotasiefrekwensie so laag as moontlik, dit wil sê, so nà as moontlik aan die natuur= like frekwensie in die longitudinale rigting, te hou⁴.

'n Brüel en Kjaer-seismiese versnellingsmeter, tipe 4344, is gebruik om die versnelling van die platform te meet.

Die massa van die versnellingsmeter sonder sy kabel is 2,1 gram. Die maksimum kruissensitiwiteit daarvan is 2,3% by 30 herz. Dit is stewig in die middel onderaan die platform vasgeheg om steurings as gevolg van statiese rotasie en beweging in die X-rigting tot 'n minimum te beperk²⁰. 'n Korrekte polariteit is regdeur die hele eksperiment gehandhaaf. Die opnames is in die Y-rigting (longitudinaal) gedoen.

Die versnellingsmeter is met behulp van 'n afgeskernde kabel aan 'n Brüel en Kjaer-kondisioneringsversterker, tipe 2626, gekoppel. 9,4 Gram van die kabel se massa het bygedra tot die totale sisteemmassa van 15,21 gram. Dit is 6,08% van die totale sisteem-ykingsmassa. Dit voldoen net nie aan die aanbevole spesifikasies van 5% nie²⁰. Dit is onwaarskynlik dat die effens hoër platformmassa enige invloed op die ballistokardiogram kon gehad het¹³⁵.

Met behulp van die kondisioneringsversterker is die sein vanaf die versnellingsmeter versterk en alle komponente met frekwensies laer as drie herz en hoër as 10 kiloherz, is uitgefiltreer.

Afleiding een van die elektrokardiogram is verkry deur naaldelektrodes onder die vel van die voorste ledemate te plaas. Die gronddraad is aan een van die agterbene verbind. In sommige gevalle is hartgeluide ook opgeneem met 'n Elema-Schonander-hartgeluidmikrofoon deur dit op die borskas regoor die hart met kleefband vas te heg. In beide gevalle is seker gemaak dat die kables die vrye beweging van die ballistokardiograaf-

platform so min as moontlik beïnvloed. Al die registrasies is direk op papier gedoen met behulp van 'n Elema-fisiograaf teen 'n papiersnelheid van 250 millimeter/sekonde.

2. YKING

Die ballistokardiograaf is geïk met 'n ykapparaat wat bestaan uit 'n raamwerk waarin 'n ronde, draaiende skyf gemonteer is. Op die skyf is daar 'n gewiggie met 'n massa van 0,23112 gram een sentimeter vanaf die middelpunt van die skyf geplaas. Die ykapparaat is op die ballistokardiograafplatform geplaas nadat die draaiende skyf met die asimmetries geplaasde gewiggie daarop met die hand in beweging gebring is. Dit veroorsaak beweging van die platform waarvan die versnelling direk op papier as 'n sinusgolf geregistreer word. Die aanbevole ykingsfrekwensie van die rot is 18 herz⁴⁹. Die optimale ykingsfrekwensie is egter afhanklik van die hartfrekwensie wat die presiese en optimale yking van die ballistokardiogram beïmoel¹⁴⁰. Fourier-analise van die gemiddelde ballistokardiogramme van vier rotte wat met behulp van 'n rekenaar bepaal is, toon aan dat daar 'n tussenrotvariasie bestaan ten opsigte van optimale ykingsfrekwensies. Die beste ykingsfrekwensie vir rot een is 18,75 herz, vir rot twee 20,25 herz, vir rot drie 14,28 herz en vir rot vier 23,52 herz. Die gemiddelde ykingsfrekwensie is 19,2 herz wat effens hoër is as die aanbeveling van Južnič (1968)⁴⁹. Dit wil dus voorkom asof die ballistokardiogram slegs akkuraat geïk kan word as elke proefdier se optimale ykings-

Rot no.	Hartslags- held slae/min	Botoon	Frekwensie van botoon Herz	Amplitude van botoon cm	Rot no.	Hartslags- held slae/min	Botoon	Frekwensie van botoon Herz	Amplitude van botoon cm
1	375	1=			2	485	1=		
		Grande- toon					Grande- toon		
		2	6,23	2,81			2	4,75	3,17
		3	12,50	7,99			3	13,90	7,06
		4	18,75	9,41			4	20,25	9,76
		5	25,00	7,75			5	27,00	6,09
		6	31,25	7,06			6	33,75	2,20
		7	36,50	1,76			7	40,50	3,04
		8	43,75	6,59			8	47,25	5,06
		9	50,00	7,07			9	51,75	7,32
		10	56,25	0,56			10	60,75	1,29
		11	62,50	1,86			11	67,50	3,94
		12	68,75	1,58			12	76,25	3,19
		13	75,00	1,31			13	81,00	0,75
		14	81,25	0,35			14	87,75	1,83
		15	87,50	1,58			15	94,50	4,25
		16	93,75	1,00			16	101,25	2,49
		17	100,00	0,65			17	108,00	2,52
		18	106,25	1,63			18	114,75	1,66
		19	112,50	0,36			19	121,00	1,46
20	118,75	1,10	20	127,75	1,12				
		125,00	1,03			134,00	0,71		
3	429	1=			4	353	1=		
		Grande- toon					Grande- toon		
		2	7,14	7,03			2	5,80	2,31
		3	14,28	21,55			3	11,76	5,05
		4	21,42	9,10			4	17,64	7,29
		5	28,56	17,40			5	23,52	8,40
		6	35,70	3,90			6	29,40	6,20
		7	42,84	4,30			7	35,28	3,70
		8	49,98	3,51			8	41,16	2,71
		9	57,12	3,65			9	47,04	6,06
		10	64,26	2,94			10	52,92	2,49
		11	71,40	1,10			11	58,80	2,76
		12	78,54	1,44			12	64,68	2,86
		13	85,68	1,34			13	70,56	2,33
		14	92,82	1,16			14	76,44	2,87
		15	99,96	0,76			15	82,32	1,59
		16	107,10	0,80			16	88,20	0,39
		17	114,24	0,37			17	94,08	1,59
		18	121,38	0,75			18	99,96	1,55
		19	128,52	0,70			19	105,84	1,13
20	135,66	0,86	20	111,72	0,56				
		142,80	0,86			117,60	0,63		

TABEL 3.1: Bepaling van die ykingsfrekwensie deur middel van Fourier-analise van die gemiddelde bellistekardiogram.

frekwensie eers vooraf bepaal word. In hierdie geval is 'n ykingsfrekwensie van 12 herz gebruik as gevolg van resonering wat met die sisteem by hoër frekwensies verkry is. Die yking is uitgevoer by 'n totale beladingsmassa van 250,25 gram, wat ongeveer ooreengestem het met die massa van die rotte wat gebruik is. Die ykingsamplitude is voor elke reeks opnames geregistreer. Die 46 geleenthede is versprei oor sewe maande. Die gemiddelde waarde verkry is

38,05 millimeter met 'n standaardafwyking van 1,59 millimeter. Die verwerking van die ykingsamplitude na sentimeter/sekonde² word met behulp van die volgende formules gedoen⁴⁹:

$$Y_{\text{kal}} = (2\pi f)^2 Y_{\text{kal}} \text{ sentimeter/sekonde}^2$$

$$\text{waar } Y_{\text{kal}} = \frac{m X_e}{M} \text{ sentimeter as}$$

m = massa van asimmetries geplaasde gewiggie

X_e = die straal van die middelpunt van die gewiggie na die middelpunt van die skyf

M = Massa van die sisteem plus die belading

3. NARKOSE

Om die opname van ballistokardiogramme⁹⁶ moontlik te maak, moet die rot genarkotiseer word. 'n Intraperitoneale toediening van 40 milligram natriumpentobarbitoon (Sagatal) per kilogram liggaamsmassa is gebruik. Dit was die kleinste dosis wat sjirurgie op die rotte moontlik gemaak het. Natriumpentobarbitoon is verkies, omdat dit ook die keuse van die ander outeurs was wat die ballistokardiogram van die rot bestudeer het. Dit maak 'n vergelyking van die resultate moontlik. Daar is ook gevind dat pentobarbitoon 'n kleiner invloed op die kardiovaskulêre sisteem het as gas narkosemiddels⁹⁵. Green (1970)³³ vind ook in 'n ondersoek met konyne dat natriumpentobarbitoon verkieslik is bo chloorpromasien en ketamienhydrochloried.

Natriumpentobarbitoon word geklassifiseer as 'n narko=

semiddel met 'n effek van 'n gemiddelde tydsduur. Slaap wat daardeur veroorsaak word, is normaalweg aangenaam en stem ooreen met fisiologiese slaap¹⁰. Dit verskil egter van fisiologiese slaap, omdat die REM-fase daarvan korter is. Dit word moontlik veroorsaak deur onderdrukking van die retikulêre aktiveringsstroom¹⁰. Die motoriese en bewussynsentrums word meer onderdruk as die sensoriese sentrum, sodat groter dosisse nodig is om pyn te onderdruk as wat nodig is om slaap te veroorsaak¹⁴³. Barbiturate onderdruk ook die perifere senuweesisteme deurdat die stimulasiedrempelwaarde van die spinale reflekse verhoog word¹⁴³. Dit wil ook voorkom of barbiturate 'n spesiale affiniteit vir sekere reseptore het wat betrokke is by sinaps-oordrag. Dit blokkeer byvoorbeeld die effek van asetielcholien¹⁰.

Hipnotiese dosisse barbiturate het min of geen effek op die kardiovaskulêre sisteem nie¹⁰. Narkotiese dosisse het egter wel 'n invloed. Green (1970)³³ vind dat die toediening van 'n addisionele dosis pentobarbitoon 'n gemiddelde afname in polsdruk veroorsaak. Sy vind ook 'n gevolglike toename in hartsnelheid en ballistokardiogram-amplitude. Die effekte duur vir ongeveer 12 minute. Die intra-koronêre toediening van natriumpentobarbitoon laat die spits aortavloei met 12%, die maksimale aortaversnelling met 20% en die slagvolume met 10% tot 15% afneem¹⁴⁴. Die hartsnelheid neem vir 40-60 minute na 'n enkele intra-veneuse toediening af, waarna dit begin stabiliseer⁶³.

Natriumpentobarbitoon het ook 'n direkte invloed op die

miokardium deurdat dit kontraktiliteit van geïsoleerde hartspier en ook die hoeveelheid gebonde selulêre Ca^{2+} wat deur Lantaan verplaas kan word, verlaag⁷². Verder kan die hart en sirkulasiesisteem sekondêr beïnvloed word deurdat narkotiese dosisse pentobarbitoon asemhaling, metaboliese liggaamsnelheid en temperatuurbeheer onderdruk.

Dit is dus duidelik dat rotte wat genarkotiseer is deur natriumpentobarbitoon, nie "normale" rotte is nie en dat daar gewerk word met 'n spesifieke sirkulatoriese model en al die resultate en gewens moet dus in dié lig beskou word.

4. OPERASIE-TEGNIEKE

4.1 Die vashegting van die hart aan die borswand

Nadat die rotte genarkotiseer is, is 'n rubbermasker, wat styf om die nek gesluit het sonder om die asemhaling te belemmer, oor die kop van die rotte geplaas. Dit was verbind met 'n laedruk suurstoefvoer. 'n Toraktomie is uitgevoer soos beskryf word deur Seley (1960)¹⁰⁶. Die sesde rib is egter nie deurgesny nie. Sorg is gedra dat die interne epigastriese arterie wat naby die sternum aangetref word, nie beskadig word nie. Die ribbes is van mekaar gehou met behulp van 'n wondspier. Die kloppende hart is gestabiliseer met behulp van 'n selfontwerpde rondebek tangetjie wat toegehou kan word deur 'n plastiekring daaroor te skuif. Die hart is met 'n enkele steek aan die borswand vasgeheg.

Gevlegte sygare met 'n dikte van 000 000 is gebruik. Die gare is eers deur die borswand en dan deur die apeks van die hart geryg. Voor die sluiting is die wand met Biotik Wondpoeier (antibioties) bedek. Die platgevalde longe is met behulp van die laedruk suurstofsisteem met suurstof gevul. Dit het die herstel van asemhaling bevorder. Daar is steriel te werk gegaan en alle apparate wat nie op 'n spesifieke oomblik in gebruik was nie, is in 70% alkohol geplaas.

4.2 Afbinding van die koronêre arterie

Vir afbinding van die koronêre arterie is die tegniek, soos beskryf word deur Seley (1960)¹⁰⁶, gebruik. Klein veranderinge, soos reeds beskryf is in paragraaf 4.1, bladsy 38, is aangebring.

Die eerste elektrokardiogram-afleiding is geregistreer. 'n Styging in die ST-segment is aanvaar as 'n bewys dat die koronêre arterie wel afgebind is. As gevolg van die steurende invloed van die asemhaling op die ballistokardiogram is daar nie ballistokardiogramopnames direk na die koronêre afbinding gemaak nie. Die eerste ballistokardiogramopnames is dan een week na die afbinding van die koronêre arterie gemaak.

5. VOORSORGMATREËLS OM VARIASIE IN RESULTATE TE BEPERK

Vorster (1979)¹⁴⁰ kry groot tussen-proefdiervariasies ten opsigte van ballistokardiogram-amplitudes en skryf dit toe aan faktore soos outonome senuwee-invoede, emosionele faktore, ouderdom, fiksheidsgraad, die toe-

diening van sekere farmaka en anatomiese verskille, soos byvoorbeeld die hoeveelheid vetmassa. Om variasies ten opsigte van die bogenoemde en ander faktore tot 'n minimum te beperk, is die volgende aantal voorsorgmaatreëls getref:

5.1 Voorsorgmaatreëls ten opsigte van die proefdier self

Die rotte is by die plaaslike proefdiersentrum verkry waar hulle vir ongeveer 18 geslagte uit Wistar voorouers ingeteel is. Daar kan dus aangeneem word dat die rotte geneties homogeen was.

Slegs manlike rotte van dieselfde massa en ouderdom is gebruik. Dit is belangrik, omdat die metaboliese snelheid tussen geslagte en tussen ou en jong diere verskil. Dit mag die narkosediepte beïnvloed⁶³. Die ballistokardiogramme van ouer rotte verskil ook van dié van jonger rotte⁹⁶.

5.2 Voorsorgmaatreëls ten opsigte van die hantering van die proefdier en omgewingstoestande

5.2.1 Die narkosedosis is konstant gehou op presies 40 milligram per kilogram liggaamsmassa.

5.2.2 Ballistokardiogramopnames is slegs gemaak op rotte wat 12 minute na narkotisering geen reaksie getoon het as die naaldelektrodes wat gebruik is vir die opname van die elektrokardiogram, by die ledemate onder die vel van die proefdier ingestek is nie. Dit is gedoen ter evaluering van die narkosediepte.

- 5.2.3 Die narkose is met tussenposes van 5 tot 7 dae gedoen, afhangende van die proefgroep. Dit is gedoen om enige moontlike langdurige invloed van natriumpentobarbitoon op die ballistokardiogram, asook adaptasie daaraan, uit te skakel⁶³.
- 5.2.4 Alle rotte het dieselfde toegang tot water en voedsel gehad. Saamgeperste rotkos, soos voorsien word deur Epol (Edms) Bpk., is vir al die rotte gebruik.
- 5.2.5 Die rotte het vir twee ure voor die toediening van narkose geen voedsel ingeneem nie. Dit is gedoen om die volgende te verseker:
- Dat die metaboliese snelheid van die rotte met die toediening van narkose dieselfde is, want dit mag narkosediepte beïnvloed⁶³.
 - Dat die ballistokardiogram nie beïnvloed kon word deur moontlike herdistribusie van bloed en verandering van liggaamsimpedans nie.
 - Dat daar nie 'n terugvloei van voedsel uit die maag uit is na narkosetoediening wat moontlik asemhaling kan belemmer nie.
- 5.2.6 Die opnames is slegs in die oggende tussen 09h00 en 14h00 gedoen.
- 5.2.7 Daar is gepoog om die aktiwiteit van die rotte sover moontlik konstant te hou deur altyd dieselfde hoeveelheid rotte in dieselfde grootte hok te hou.

- 5.2.8 Alle rotte is in dieselfde posisie op die ballistokardiograafplatform geplaas, dit wil sê, op die rug met die nek op die nekstut¹³⁴.
- 5.2.9 Die stertpunte van die rotte is met kleefband aan die stertbasis vasgeheg, sodat dit nie tydens die opnames met die omgewing kontak kon maak nie.

6. BESKRYWING VAN DIE PROEFGROEPE

39 Manlike witrotte wat plaaslik geteel is, is gebruik. Hulle is onderverdeel in verskillende groepe, genummer een tot ses. Elke groep is vir 'n ander eksperiment gebruik. Gegewens in verband met die proefdiere en algemene organisasie van die eksperimente wat nie elders aangetref word nie, word hier weergegee:

Groep een

Hierdie groep is gebruik vir die evaluering van ykings=frekvensies. Die groep het bestaan uit vier rotte. 'n Enkele ballistokardiogramopname is by elk van die rotte gedoen en die gemiddeld van ten minste 50 komplekse is met behulp van 'n mikroverwerkingsstelsel bepaal¹⁴⁰. 'n Fourier-analise van elk van die bogenoemde gemiddelde registrasies is uitgevoer en die frekwensie van die batoon met die grootste amplitude is aanvaar as die beste ykingsfrekwensie vir 'n spesifieke rot¹⁴⁰.

Groep twee

Opnames van hierdie groep is gebruik om vertrouwd te raak met die uitkenning van die verskillende golwe en segmente van die ballistokardiogram. Die groep het bestaan uit sewe rotte wat ook deel gevorm het van groep vier. Hulle het egter gekwalifiseer vir opname in groep twee, omdat by elk 'n addisionele opname gemaak is waarby 'n elektrokardiogram, 'n ballistokardiogram en hartgeluide geregistreer is. By alle ander groepe is daar nie hartgeluide geregistreer nie, omdat verhoed wou word dat die massa van die hartgeluidmikrofoon (+ 15 gram) die reeds ongunstige verhouding tussen die massa van die platform en die massa van die rotte verder sou benadeel.

Groep drie

Hierdie groep is gebruik om die sensitiwiteit van die ballistokardiograaf wat in hierdie ondersoek gebruik word, te toets ten opsigte van kardiovasculêre veranderinge. Dit het bestaan uit vyf rotte wat verskillende dosisse isoproterenol intraperitoneaal ontvang het. Die ballistokardiogram, elektrokardiogram en hartgeluide is direk voor, vyf minute na en ook 10 minute na die toediening van isoproterenol geregistreer. Elke rot is gebruik as sy eie kontrole.

Groep vier

Groep vier is gebruik om die "normale" ballistokardiogram, die tussen-tyd-, tussen-rot-, tussen-meet-, tussen-metode- en slag-tot-slagvariasie van die rotte

ballistokardiogram te bestudeer. Dit het bestaan uit 15 rotte, waarvan sewe ook groep twee vorm. Die ballisto- en elektrokardiogramme is op vyf verskillende tye, naamlik 12, 17, 22, 27 en 32 minute ná die toediening van natriumpentobarbitoon gemaak. Die opnames is drie maal met tussenposes van een week herhaal. Slegs die ballistokardiogram en elektrokardiogram is geregistreeer.

Groep vyf

Hierdie groep is gebruik om die invloed van die vashegting van die hart aan die borswand te ondersoek. Dit het bestaan uit 10 rotte. Drie kontrole-opnames is met tussenposes van een week gemaak. Na die vashegting van die hart is daar weer drie opnames gemaak. Elke opname is 27 minute na die toediening van narkose gemaak. Dit het ook bestaan uit 'n ballistokardiogram en 'n elektrokardiogramregistrasie.

Groep ses

Hierdie groep is gebruik om die langdurige invloed van 'n koronêre afbinding op die ballistokardiogram te ondersoek. Dit het bestaan uit vyf rotte. Drie kontrole-opnames is vir elke rot met tussenposes van 'n week gedoen. Na die afbinding van die koronêre arterie is daar weer drie opnames met tussenposes van een week gemaak. In hierdie geval is ook slegs die ballistokardiogram en die elektrokardiogram geregistreeer.


7. IDENTIFISERING VAN DIE BALLISTOKARDIOGRAMGOLWE

Om die verskillende golwe te identifiseer, is gebruik gemaak van die tydsverwantskappe van die verskillende golwe ten opsigte van die Q-golf van die elektrokar-diogram, sowel as van die ligging van die verskil-lende golwe ten opsigte van die onderskeie komplek-se van die fonokardiogram. As norm is die gegewens van Pretorius (1966)⁹⁴ en Rademeyer (1968)⁹⁶ gebruik.

Op alle registrasies, waarvan figuur 3.1 'n voorbeeld is, kan 'n groot negatiewe segment met die eerste oog-opslag waargeneem word. Die bopunt daarvan het saam-geval met die einde van die eerste hartgeluid. Die gemiddelde Q-tyd was 56 millisekondes. Volgens gegewens van Pretorius (1966)⁹⁴ en Rademeyer (1968)⁹⁶ moet dit die HI-segment wees. Die daaropvolgende segment moet dan die IJ-segment wees.

Die eerste duidelike negatiewe segment na die J-golf se bopunt het saamgeval met die begin van die tweede hartgeluid. Dit het tussen gemiddeld 103 en 120 millisekondes na Q voorgekom en was dus die LM-segment⁹⁶. Die gemiddelde Q-tye van die posi-tiewe en negatiewe golf na L stem ongeveer ooreen met die Q-tye wat Rademeyer (1968)⁹⁶ aangee vir M en N. Dit is dan ook so benoem. Die eerste ne-gatiewe golf na N is as O benoem.

Volgens die gegewens van Pretorius (1966)⁹⁴ wissel die QH"-tye tussen 39 en 48 millisekondes. Rademeyer



FIGUUR 3.1: Voorbeelde van die ballistokardogram-, elektrokardogram- en hartgeluidregistrasies wat gebruik is vir die identifisering van die verskillende ballistokardogrampele.

(1968)⁹⁶ vind QH-tye van 32 tot 42 millisekondes. Die positiewe golf direk voor Hⁿ' se Q-tye wissel tussen 28 en 38 millisekondes. Omdat dit die beste

ooreenstem met die H"-golf volgens Rademeyer (1968)⁹⁶, en die H"-golf direk voor die H"'-golf aangetref word, is dit H" genoem.

Die QH"-tydgreense van Pretorius (1966)⁹⁴ is van 28 tot 34 millisekondes, dié van Rademeyer (1968)⁹⁶ 18 tot 26 millisekondes en dié van hierdie studie 10 tot 15 millisekondes. 'n Gevolgtrekking kon dus nie ten opsigte van H' gemaak word uit 'n vergelyking van die Q-tye nie.

Omdat H', H" en H"' bekend is as die pre-ejeksiekompleks van die ballistokardiogram, moet 'n golf wat 'n H-benoeming kry, binne die pre-ejeksie of isovolumetriese kontraksiefase voorkom. Omdat die eerste hartgeluid veroorsaak word deur die beginversnelling van die bloed in die ventrikel en die sluiting van die atrioventrikulêre kleppe¹⁰², kan dit geneem word as aanduider van die begin van die pre-ejeksieperiode. Die positiewe golf voor H" van hierdie studie stem ooreen met die begin van die eerste hartgeluid en is dus benoem as H'. Die verskille in Q-tye van hierdie ondersoek met dié van Pretorius (1966)⁹⁴ en Rademeyer (1968)⁹⁶ kan moontlik toegeskryf word aan faseverskuiwings as gevolg van die verskille in natuurlike frekwensies van die onderskeie ballistokardiograafplatforms wat gebruik is¹²².

Die atriale golwe O', O", F en G kan onderskei word. By hoë hartsnelhede was O' en O" moeilik identifiseerbaar, terwyl F en G deurgaans identifiseerbaar was. Raadpleeg figuur 3.1 vir voorbeelde van ballistokardiogramme soos wat verkry is met hierdie studie.

In hierdie ondersoek is verder geen aandag gegee aan die atriale komplekse nie. Die klem sal hoofsaaklik gelê word op die pre-ejeksie- en ejeksiekomplekse, omdat dit veral verband hou met die miokardiale sametrekingskrag. Die diastoliese komplekse sal wel in sommige gevalle bespreek word.

8. TOETSING VAN DIE SENSITIWITEIT VAN DIE BALLISTOKARDIOGRAAF

Om die sensitiwiteit van die ballistokardiograaf te toets, is proefgroep drie gebruik soos beskryf in hoofstuk drie paragraaf 6, bladsy 43). Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat, as die ballistokardiogram veranderinge aantoon na die toediening van isoproterenol wat ooreenstem met literatuurgegewens, dit ook sensitief genoeg sal wees om veranderinge van 'n ander oorsprong aan te toon.

Isoproterenol is gekies, omdat dit die aktiefste van die simpatomimetika is⁴². Dit werk veral op die β -reseptore⁴². Die algemene invloed daarvan is tagikardie^{7 25 42 54}, 'n verhoging van die miokardiale kontraktiliteit^{42 54 58 144} en 'n verlaging van die bloeddruk^{42 7}. Die verlaging van die bloeddruk is slegs aanvanklik⁷, daarna styg dit as gevolg van 'n kompensatoriese refleksaksie wat geïnisieer word deur die aanvanklike daling van die bloeddruk. Hierdie gevolglike toename in die nabelading op die hart kan die ejeksie van bloed, en dus moontlik ook die ballistokardiogram, beïnvloed. As gevolg van die tydsverloop van vyf en 10 minute voordat die ballistokardiogram geregistreer

Rot No.	Dosis Isoproterenol µg/Kg	Tyd na Isopro- terenol toediening minute	Hartsnelheid % verandering	Bkg- amplitudes % verandering				
				H'	H''	H'''	H''I	IJ
1	20	5	-18,9	43,6	129,3	-57,9	-64,0	5,8
		10	-27,0	43,6	160,6	-78,9	-51,4	110,3
2	20	5	38,4	0,8	296,0	-46,0	1,78	-15,4
		10	34,4	-21,3	214,0	-42,3	-16,0	-31,9
3	30	5	46,6	136,4	143,3	25,1	16,2	31,8
		10	42,5	165,5	88,3	-14,0	4,3	33,3
4	30	5	25,6	26,1	118,3	-15,3	-15,1	-61,1
		10	21,5	37,4	131,2	6,6	-13,0	-45,2
5	40	5	22,2	-3,3	142,9	-5,8	9,0	-14,3
		10	20,6	33,3	117,1	-26,4	-8,3	-23,1
Gemiddelde % verandering			20,6	-45,2	154,1	-25,5	-17,8	-1

TABEL 3.2: Verandering in die hartsnelheid en ballistokardiogram-amplitudes as gevolg van die intraperitoniale toediening van isoproterenol.

is, sal daar verwag word dat die kompensatoriese refleksaksie alreeds die bloeddruk verhoog het. 'n Ballistokardiogram-amplitudeafname word dus verwag.

Rademeyer (1968)⁹⁶ vind dan ook dat die amplitudes van die ejeksiebolwe van die rotballistokardiogram wel onderdruk word deur die bloeddrukstyging wat volg op die toediening van noradrenalin.

As na tabel 3.2 gekyk word, sal gesien word dat daar 'n gemiddelde afname in die H'', H''I- en IJ-amplitudes is, terwyl H' en H'' toeneem. Uit die bogenoemde veranderinge in die ballistokardiogram-amplitudes en die ooreenstemming daarvan met gegewens in die literatuur^{92 96} kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die ballistokardiograaf sensitief genoeg is om kardiovaskulêre veranderinge aan te toon.

9. METINGS EN MEETMETODES

Al die amplitudes en tye is direk van die registrasiepapier af gemeet in millimeter en verwerk na onderskeidelik sentimeter/sekonde² en millisekondes. Slegs die H'-, H''-, H''I-, H''I-, IJ-, LM- en MN-amplitudes van die ballistokardiogram is gemeet, terwyl ook slegs die tye vanaf die Q-golf van die elektrokardiogram na H', H'', H''', I, J, L, M en N gemeet is.

Twee meetmetodes is gebruik:

- Met meetmetode een is die bogenoemde amplitudes en tye van al die ballistokardiogramkomplekse in twee asemhalingsiklusse gemeet.

- Met meetmetode twee is die bogenoemde amplitudes en tye vir elke middelste ballistokardiogramkompleks in ses asemhalingsiklusse gemeet.

Die hartsnelheid is verkry deur die aantal hartslae in 250 millimeter, dit wil sê, een sekonde te tel en met 60 te vermenigvuldig.

Om die veranderings in die slag-tot-slagvariasie te evalueer, is die V_1 -waardes weergegee in spreidingsgrafieke (vergelyk figuur 4,5 en 4,6). Om kwantitatiewe aanduiding van die slag-tot-slagvariasie te verkry, is die oppervlakte van die spreidingsgrafieke met behulp van 'n planimeter bepaal.

10. STATISTIESE METODES

10.1 Die slag-tot-slagvariasie

Hierdie variasie is bepaal deur die amplitudes van al die agtereenvolgende ballistokardiogramkomplekse in twee asemhalingsiklusse te meet. As maatstaf van die slag-tot-slagvariasie (ballistokardiogram-amplitudes) is die koëffisiënt van variasie gebruik. Dit is op twee metodes bereken:

(i) $V_1 = 100S/\bar{x}$ waar V_1 = Koëffisiënt van variasie
 S = Standaardafwyking
 \bar{x} = Rekenkundige gemiddeld

(ii) $V_2 = \frac{100S/\sqrt{n}}{\bar{x}}$ waar n = Aantal mates gebruik om die gemiddeld te bepaal
 S/\sqrt{n} = Standaardfout
 S = Standaardafwyking van steekproefgemiddeldes.

Daar is deurgaans in die resultate na die koëffisiënte verwys as V_1 en V_2 . V_1 is gebruik om die spreiding van verskillende stelle data waar die tipe groottes heelwat verskil, te vergelyk. V_2 is slegs eenmaal gebruik om die data van hierdie ondersoek met soortgelyke data in die literatuur te vergelyk. V_2 is 'n maatstaf om die spreiding van al die steekproefgemiddeldes rondom 'n populasiegemiddelde weer te gee.

10.2 Die tussen-rot-, tussen-metmetode-, tussen-tyd- en tussen-weekvariasie

Dit is bepaal met behulp van 'n BMDP2V-rekenaarprogram wat in November 1978 hersien is¹¹. Die program is ontwikkel deur "Health Science Computing Facility (HSCF) University of California, Los Angeles (UCLA)". HSCF word geborg deur "NIH Special Research Resources Grant RR-3". Dit is 'n program vir die analise van variansieën kovariansie, insluitende herhalende metings.

As maatstawwe van die verskillende variasies is die gemiddelde som van kwadrate uit die analyses van variansie en kovariansie geneem.

Die F-waarde is die eksperimentele (steekproef) gewens se realisasie van die verhouding van 'n bepaalde faktor se gemiddelde som van kwadrate ten opsigte van die gemiddelde foutsom van kwadrate. As hierdie F-waarde groot is onder die hipotese dat die bepaalde faktor dieselfde variasie toon as die foutvariasie, kan die hipotese verwerp word. Die P-waarde gee die

kans om 'n fout te begaan by die verwerping van die hipotese. Met 'n P-waarde van byvoorbeeld 0,005, is die kans om 'n fout te maak met die verwerping van die hipotese 5%.

HOOFSTUK 4

RESULTATE EN BESPREKING


1. DIE NORMALE BALLISTOKARDIOGRAM

Alle golwe van die ballistokardiogram was oor die algemeen maklik identifiseerbaar en is baie konstant herhaal. Die normale ballistokardiogram is bestudeer deur meting van die Q -tye vir elke golf, die amplitude van elke golf en die persentasie kere wat elke golf onidentifiseerbaar was, te bereken. Opnames is op vyf verskillende tye na die toediening van narkose vir drie agtereenvolgende weke by al 15 rotte van proefgroep vier gedoen. Alle komplekse in twee asemhalingsiklusse is gemeet. In figuur 4.1 word twee voorbeelde gegee van hoe 'n "normale" rotballistokardiogram lyk as alle golwe uitkenbaar is.

1.1 Die Q-tye

In tabel 4.1 word die gemiddelde Q-tye en standaardafwykings vir elke rot, sowel as die algehele gemiddeld en standaardafwyking weergegee. Met uitsondering van die tye QH' en QH", is al die gemiddelde Q-tye wat verkry word in hierdie ondersoek, langer as wat gerapporteer word deur Rademeyer (1968)⁹⁶. Dit kan moontlik verklaar word uit die feit dat die gemiddelde hartsnelheid van 303 slae/minuut 20% laer is as die gemiddelde waarde van Rademeyer (1968)⁹⁶. 'n Ander moontlike verklaring kan opgesluit lê in die fisiese verskille van die apparaatuur wat in die twee ondersoeke gebruik is^{118 122}.

As die standaardafwyking as variasiemaatstaf gebruik



FIGUUR 4.1: Die normale ultralaefrekwensieversnellingsballistokardiogram van die rot.

word, is die Q-tyd-variësie vir die afsonderlike rotte klein. Dit dui op goeie herhaalbaarheid van die ballistokardiogram. Die standaardafwyking word egter groter as die resultate van al die rotte saamgevoeg word. Dit dui op 'n groter tussen-rotvariësie as binne-rotvariësie. Met binne-rotvariësie word die variësie tussen gegewens wat op verskillende tye met dieselfde rot verkry is, bedoel.

Rot No.	Statistiek	Q-tye ms							
		QH'	QH"	QH'''	QI	QJ	QL	QM	QN
1	\bar{x}	12,6	30,4	54,9	70,8	84,4	109,1	117,1	131,3
	SA	2,0	1,6	1,6	1,9	3,1	2,4	2,1	2,2
2	\bar{x}	14,7	30,6	56,1	71,1	87,8	103,7	112,3	122,8
	SA	2,8	2,9	1,2	1,3	3,1	2,5	2,0	2,4
3	\bar{x}	14,7	29,5	58,7	73,3	85,3	110,7	123,3	135,9
	SA	2,0	1,5	1,5	2,4	3,1	3,5	2,5	2,6
4	\bar{x}	15,1	38,6	60,1	81,1	98,5	109,6	118,6	131,6
	SA	3,0	2,4	1,1	1,7	3,7	1,6	2,6	2,0
5	\bar{x}	12,4	31,2	56,1	77,0	90,7	113,6	125,9	137,7
	SA	2,7	1,5	1,2	2,8	4,8	3,6	2,5	3,3
6	\bar{x}	12,5	30,0	59,3	74,4	85,4	112,6	125,5	139,9
	SA	2,2	1,9	1,5	1,8	2,5	3,0	1,7	2,2
7	\bar{x}	14,9	31,9	56,5	74,3	91,5	120,3	133,7	145,2
	SA	2,6	1,5	1,7	1,5	2,9	3,1	2,5	2,1
8	\bar{x}	12,7	30,7	57,8	73,9	87,1	118,3	131,4	145,1
	SA	2,3	1,6	1,7	1,3	2,9	3,1	1,8	2,4
9	\bar{x}	12,2	31,5	55,6	74,1	88,5	112,3	124,2	135,1
	SA	2,5	1,7	0,8	2,1	3,5	2,2	2,3	2,5
10	\bar{x}	12,6	30,4	56,2	71,5	87,0	103,4	116,3	126,8
	SA	2,3	1,6	1,7	1,6	3,5	3,4	3,3	3,1
11	\bar{x}	13,9	28,9	53,0	71,3	87,3	107,4	118,0	129,1
	SA	1,7	1,2	1,7	2,1	2,8	2,7	2,1	1,9
12	\bar{x}	14,7	31,1	57,3	73,9	90,9	112,7	123,5	137,0
	SA	2,0	1,5	1,4	2,1	3,6	2,2	2,0	2,6
13	\bar{x}	10,5	29,4	56,4	72,1	87,6	108,5	119,3	129,7
	SA	2,3	1,5	1,3	1,9	2,8	3,2	3,8	3,5
14	\bar{x}	14,0	29,7	53,3	72,8	87,9	108,5	120,1	130,8
	SA	1,9	1,3	1,5	1,4	2,7	2,4	1,8	2,4
15	\bar{x}	11,1	32,5	59,1	72,8	87,3	107,9	118,5	129,7
	SA	2,4	1,8	1,8	1,5	4,5	1,8	2,1	2,1
Totale gemiddeld		13,2	31,1	55,8	73,8	88,5	110,6	122,0	133,6
SA		2,6	2,8	4,4	3,5	4,5	5,5	6,6	7,5

TABEL 4.1: Die gemiddelde Q-tye en standaardafwykings vir al die ballistokardiogramme en -komplekse in twee asemhalingsiklusse op vyf verskillende tye na toediening van narkose vir drie agtereenvolgende weke. Al 15 rotte van proefgroep vier is gebruik.

1.2 Die amplitudes

In tabel 4.2 word die gemiddelde amplitudes en standaardafwykings van elke gemete golf en segment vir elke rot weergegee as versnelling. Die amplitudes varieer tussen die volgende gemiddelde waardes: H' tussen 0,33 en 1,14 sentimeter/sekonde², H" tussen 0,7 en 2,59 sentimeter/sekonde², H"' tussen 2,06 en 2,94 sentimeter/sekonde², H"'I tussen 2,68 en 4,81 sentimeter/sekonde², IJ tussen 1,01 en 2,42 sentimeter/sekonde², LM tussen 0,81 en 1,74 sentimeter/sekonde² en MN tussen 1,04 en 2,04 sentimeter/sekonde².

As die bogenoemde gegewens en die totale gemiddeld vergelyk word met die gegewens van Rademeyer (1968)⁹⁶, dan blyk dit dat die spreiding van die resultate in hierdie geval effens kleiner is as by Rademeyer (1968)⁹⁶. Die gemiddelde waardes vir H' en H" stem ongeveer ooreen met dié van Rademeyer (1968)⁹⁶, terwyl die gemiddelde waardes van H"' 48% en H"'I 30% hoër en IJ 63% laer is as die waardes van Rademeyer (1968)⁹⁶.

Die gemiddelde amplitudes van hierdie ondersoek is ook aansienlik laer as die amplitudes wat verkry word deur Pretorius (1966)⁹⁴. Die bogenoemde verskille kan moontlik verklaar word deur die verskille in tipes platforms, sensors en veral ykingstegnieke wat gebruik is.

Net soos met die Q-tipe is die standaardafwyking van die totale gemiddeld (al die rotte se gegewens saamgevoeg), groter as die standaardafwyking van die gemiddelde ge-

Rot No.	Statistiek	Ballistokardiogram-amplitudes cm/s ²						
		H ^I	H ^{II}	H ^{III}	H ^{IV}	IJ	LM	MN
1	\bar{x}	0,97	0,70	2,38	2,89	1,52	1,37	1,49
	SA	0,31	0,15	0,33	0,29	0,34	0,20	0,29
2	\bar{x}	1,14	0,98	2,06	4,18	2,20	0,81	1,53
	SA	0,30	0,23	0,29	0,26	0,38	0,29	0,40
3	\bar{x}	0,56	1,14	2,53	2,70	1,06	1,02	1,35
	SA	0,23	0,25	0,29	0,29	0,35	0,29	0,26
4	\bar{x}	0,92	1,57	2,33	4,81	2,42	0,96	2,04
	SA	0,35	0,41	0,48	0,53	0,61	0,32	0,48
5	\bar{x}	0,75	1,03	2,80	3,27	1,13	1,22	1,42
	SA	0,29	0,24	0,37	0,41	0,44	0,35	0,36
6	\bar{x}	0,72	1,10	2,24	3,25	1,01	1,15	1,22
	SA	0,28	0,35	0,29	0,32	0,27	0,31	0,22
7	\bar{x}	0,46	1,47	2,48	3,49	1,80	1,10	1,30
	SA	0,24	0,21	0,26	0,34	0,41	0,35	0,26
8	\bar{x}	1,13	1,33	2,94	3,45	1,33	1,44	1,28
	SA	0,22	0,27	0,33	0,29	0,38	0,48	0,29
9	\bar{x}	0,33	1,49	3,24	3,86	1,19	1,30	1,40
	SA	0,16	0,26	0,34	0,32	0,31	0,26	0,26
10	\bar{x}	1,04	0,97	2,06	3,16	2,08	1,74	1,69
	SA	0,28	0,23	0,39	0,35	0,44	0,39	0,44
11	\bar{x}	0,72	1,53	2,37	2,68	1,55	1,17	1,46
	SA	0,25	0,29	0,26	0,28	0,30	0,24	0,29
12	\bar{x}	0,67	0,92	2,52	3,32	1,46	1,11	1,22
	SA	0,28	0,21	0,34	0,34	0,44	0,24	0,30
13	\bar{x}	0,73	1,26	2,09	2,76	2,32	1,16	1,04
	SA	0,26	0,27	0,33	0,35	0,35	0,36	0,33
14	\bar{x}	0,63	2,16	2,55	4,23	2,25	1,19	1,80
	SA	0,32	0,47	0,38	0,35	0,38	0,31	0,40
15	\bar{x}	0,53	0,76	2,59	3,12	1,42	1,30	1,46
	SA	0,11	0,17	0,33	0,29	0,30	0,20	0,21
Totale gemiddeld		0,75	1,23	2,48	3,41	1,65	1,20	1,45
SA		0,36	0,42	0,45	0,90	0,84	0,43	0,44

TABEL 4.2: Die gemiddelde ballistokardiogram-amplitudes en standaardafwykings daarvan vir al die rotte in proefgroep vier. Al die komplekse in twee asemhalingsiklusse vir 5 tye na die toediening van narkose vir drie agtereenvolgende weke is gemeet

\bar{x} = Rekenkundige gemiddeld
SA = Standaardafwyking

gewens van 'n enkele rot. Dit dui daarop dat daar 'n groot tussen-rotvariasie is. Dit word volledig bespreek in hoofstuk vier, paragraaf 1.6.4, bladsy 92.

1.3 Die persentasie onidentifiseerbare golwe en segmente

Daar kan 'n goeie indruk verkry word van die herhaalbaarheid van die ballistokardiogram deur te kyk na die persentasie golwe wat onidentifiseerbaar was. In tabel 4.3 word die bogenoemde persentasies wat bereken is uit 'n totaal van ongeveer 1300 komplekse per meetmetode, weergegee. Daar word in die tabel 'n onderskeid getref tussen die twee meetmetodes wat beskryf word in hoofstuk drie, paragraaf 9, bladsy 50.

Met meetmetode een was H' 14,5% keer onidentifiseerbaar, terwyl H' met meetmetode twee 7,3% keer onidentifiseerbaar was. Die resultate verskil grootliks van dié van Rademeyer (1968)⁹⁶ wat vind dat H' altyd teenwoordig is. Die meetmetode van Rademeyer (1968)⁹⁶ stem ooreen met meetmetode een van hierdie studie. Figuur 4.2 is 'n voorbeeld van hoe die ballistokardiogram lyk as H' nie geïdentifiseer kan word nie.


Met meetmetode een kon H" 3,5% keer nie geïdentifiseer word nie, terwyl met meetmetode twee H" 2,6% keer nie identifiseerbaar was nie. Dit verskil effens van die bevindinge van Rademeyer (1968)⁹⁶ wat H" in 2% gevalle nie kon identifiseer nie. Figuur 4.3 is 'n voorbeeld van hoe die ballistokardiogram lyk as H" nie geïdentifiseer kan word nie.

Die % onidentifiseerbare ballistokardiogramgolwe														
	Alle komplekse gemeet in 2 asemhalings siklusse							Die middelste komplekse gemeet in 6 asemhalings siklusse						
Rot no.	H'	H''	H'''	I	J	LM	MN	H'	H''	H'''	I	J	LM	MN
1	2,2	5,5	0	0	0	0	0	0	9,4	0	0	1,2	0	0
2	28,4	17,1	0	0	3,4	0	0	8,9	1,1	0	0	4,4	0	0
3	13,9	2,5	0	0	0	0	0	12,2	6,7	0	0	7,8	0	0
4	27,6	0	0	0	0	3,5	3,5	12,2	8,2	0	0	0	3,3	0
5	9,0	3,4	0	0	0	0	0	6,7	8,2	0	0	0	1,1	0
6	4,6	4,6	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1,1	0	0
7	15,3	2,4	0	0	0	0	0	8,3	0	0	0	0	0	0
8	0	0	0	0	1,5	0	0	2,3	2,3	0	0	0	0	0
9	17,9	0	0	0	0	0	0	13,3	0	0	0	0	0	0
10	8,2	1,4	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
11	1,8	0	0	0	1,8	0	0	0	0	0	0	0	0	0
12	0	0	0	0	0	0	1,45	0	1,2	0	0	0	0	0
13	38,6	0	0	0	0	2,9	2,9	19,3	0	0	0	0	0	0
14	16,7	3,0	0	0	0	0	0	6,7	3,3	0	0	0	0	0
15	32,8	11,9	0	0	0	0	0	20,0	10,0	0	0	3,3	0	0
Totale gemiddeld	14,5	9,5	0	0	0,6	0,4	0,5	7,3	2,6	0	0	1,2	0,3	0


TABEL 4.3: Die persentasie onidentifiseerbare ballistokardiogramgolwe en vir beide meetmetode een waar alle komplekse in twee asemhalings siklusse gemeet is en vir meetmetode twee waar slegs die middelste komplekse in ses asemhalings siklusse gemeet is.

Golwe H'' en I was in alle gevalle aanwesig. Veral H' was 'n prominente golf wat met die eerste oogopslag uitgeken kon word. Hierdie resultate verskil grootliks van dié van Rademeyer (1968)⁹⁶ wat vind dat H'' in 12% van die gevalle met I saamgesmelt het om slegs 'n knik in die golfvorm te vorm.

Die J-golf was in 0,6% van die gevalle nie identifiseerbaar as meetmetode een gebruik word nie, terwyl dit slegs 1,2% keer nie identifiseerbaar was as meet-




FIGUUR 4.2: Die ultraherfreesiensversnellingsballistokardiogram van die rot as die H'-golf onidentifiseerbaar is.



FIGUUR 4.3: Die ultraherfreesiensversnellingsballistokardiogram van die rot as die H'-golf onidentifiseerbaar is.


metode twee gebruik word nie. Dit verskil van die resultate van Rademeyer (1968)⁹⁶ wat vind dat die J-golf een van die stabielste golwe ten opsigte van amplitude- en Q-tyd in die rot se ballistokardiogram is. Figuur 4.4 is 'n voorbeeld van 'n ballistokardiogram as die J-golf nie identifiseerbaar is nie.



FIGUUR 4.4: Die ultralaefrekwensieversnellingsballistokardiogram van die rot as die J-golf nie geïdentifiseer kan word nie.

Die LM-segment is met meetmetode een 0,4% keer en met meetmetode twee 0,3% keer nie identifiseerbaar nie, terwyl MN met meetmetode een 0,5% en met meetmetode twee 0% keer nie identifiseerbaar was nie. Dit is laer as die 6% gevalle waar Rademeyer (1968)⁹⁶ nie die M-golf kon uitken nie. Figuur 4.5 is 'n voorbeeld van hoe die ballistokardiogram daar uitsien as die distoliese golwe moeilik identifiseerbaar is.

Die feit dat die persentasie onidentifiseerbare golwe laer is by meetmetode twee waar slegs die middelste kompleks in ses asemhalingsiklusse gemeet word, kan



FIGUUR 4.5: Die ultralaefrekwensieversnellingsballistokardiogram van die rot as die diastoliese golwe nie identifiseerbaar is nie.

moontlik daaraan toegeskryf word dat die invloed van asemhaling op die middelste ballistokardiogramkompleks in 'n asemhalingsiklus kleiner is as op die komplekse wat direk voor of na in- of ekspirasie volg.

Die afwesigheid van die golwe kom nie by 'n spesifieke rot of op 'n spesifieke tyd na verdowing, of in 'n spesifieke week, voor nie. Die afwesigheid van die golwe kan dus nie 'n inherente eienskap van die ballistokardiogram van 'n spesifieke rot wees nie. Dit kan moontlik deel wees van die normale slag-tot-slagvariasie.

Die verskil tussen die resultate van Rademeyer (1968)⁹⁶ en die resultate van hierdie ondersoek kan moontlik toegeskryf word aan die verskillende tipes ballistokardiograafplatforms, versnellingsmeters en ykingsmetodes wat gebruik is.

1.4 Die effek van narkose op die hartsnelheid en die ballistokardiogram-amplitudes

In tabel 4.4 word die veranderings vir die 15 rotte van proefgroep vier ten opsigte van die hartsnelheid, sowel as die amplitudes van die gemete ballistokardiogramgolwe en -segmente weergegee vir vyf tye na die toediening van narkose vir drie agtereenvolgende weke. Die eerste ballistokardiogramopname is 12 minute na die toediening van narkose gemaak. Die persentasie verandering is bereken ten opsigte van die 12-minuut waarde.

Die hartsnelheid neem af van 320 slae/minute 12 minute na die toediening van narkose tot 292 slae/minute 32 minute na die toediening van narkose. Dit is 'n daling van 8.4%. 27 Minute na die toediening van narkose is die hartsnelheid 293 slae/minute wat feitlik dieselfde is as die 32-minuut waarde. Die hartsnelheid stabiliseer dus ongeveer 27 minute na die toediening van narkose. Die amplitude van H' neem geleidelik af met die verloop van tyd, sodat dit 32 minute na die toediening van narkose 35,7% laer is as die waarde wat 12 minute na die toediening van narkose verkry is. Die H"-golf ondergaan presies die teenoorgestelde verandering as die H'-golf. Dit neem geleidelik toe, totdat dit 32 minute na die toediening van narkose 18% groter is as die 12-minuut waarde. H'' neem aanvanklik toe, maar bly ongeveer konstant vanaf 17 minute tot 32 minute na die toediening van narkose.

Die H''I- en die IJ-segmente neem geleidelik af, sodat

Tyd na narkose-toediening minute	Gemid.hart-snelheid slae/min	Die gemiddelde amplitude in mm/s ² van die ballistokardogram en die % verandering daarvan met verloop van tyd na toediening van Sagatal														Verhouding van I pre-ejeksie tot ejeksieamplitudes	
		% verande-ring	H'	% verande-ring	H''	% verande-ring	H'''	% verande-ring	H''''	% verande-ring	IJ	% verande-ring	LM	% verande-ring	NN		% verande-ring
12	320	-	0,98	-	1,11	-	2,22	-	3,83	-	2,40	-	1,12	-	1,4	-	1,15
17	311	-2,8	0,73	-25,61	1,15	3,6	2,50	7,8	3,68	-9,1	1,77	-26,3	1,19	6,3	1,45	3,6	1,26
22	299	-6,6	0,66	-30,6	1,21	9,0	2,51	8,2	3,30	-13,8	1,81	-37,1	1,25	11,6	1,47	5,0	1,33
27	293	-8,4	0,66	-32,7	1,29	16,22	2,50	7,8	3,22	-15,9	1,31	-45,4	1,17	4,5	1,4	0	1,38
32	292	-8,4	0,63	-35,7	1,31	18,0	2,52	8,6	3,20	-16,5	1,23	-48,6	1,25	11,6	1,49	6,4	1,39

- TABEL 6.4: Die veranderings in hartsnelheid, ballistokardogram-amplitudes en EH/H''-verhouding met verloop van tyd na die toediening van narkose vir al 15 rotte van proefgroep vier vir drie agtereenvolgende weke.

dit 32 minute na die toediening van narkose onderskeidelik 16,5% en 48,8% laer is as die 12-minuut waarde.

Die verandering in die LM- en die MN-segmente volg geen patroon met verloop van tyd nie. Die feit dat die veranderinge in die H'-, H"-, H"'-, H"''I-, IJ-, KL- en MN-segmente van die ballistokardiogram met verloop van tyd na die toediening van narkose van mekaar verskil, is 'n aanduiding dat die oorsprong daarvan ook verskil.

Die ballistokardiogram-amplitude is afhanklik van die hartsnelheid⁷⁹. Dit neem toe met 'n verhoging van die hartsnelheid, veral as simpatiese stimulasie 'n rol speel soos byvoorbeeld tydens oefening^{44 140}.

Tydens die afwesigheid van simpatiese stimulasie, soos byvoorbeeld wanneer die hartsnelheid met 'n pasaangeër¹⁰⁵ of willekeurig verhoog word¹⁴⁰, is daar ook 'n toename in die amplitude van die ejeksiekompleks van die ballistokardiograaf. Dit is egter baie minder as tydens simpatiese stimulasie.

Alhoewel die hartsnelheid en ballistokardiogram-amplitudeveranderinge met mekaar gekoppel is, kan dit ook tot 'n groot mate onafhanklik van mekaar beïnvloed word.

Uit tabel 4.4 blyk dit dat die HI- en die IJ-amplitudes nog effens afneem van 27 minute tot 32 minute na narkosetoediening. Die hartsnelheid bly in dieselfde tyd konstant. Die veranderinge kan moontlik as volg

verklaar word:

Die natriumpentobarbitoon waarmee die rotte genarkotiseer is, onderdruk die sentrale en perifere senuweestelsel^{18 35 143}. Dit lei tot die onderdrukking van die refleksiewe beheer van die hart, 'n afname in respirasie, 'n afname van die bloeddruk en 'n afname in die metabolisme van feitlik alle weefsels^{18 33 63 95}.

Die hartsnelheid neem geleidelik af, stabiliseer na ongeveer 40 minute of neem weer toe⁶³. Die aantal rooibloedselle in sirkulasie neem af, sodat dit 30 minute na die toediening van natriumpentobarbitoon ongeveer 16% laer is⁶³.

Verder het die natriumpentobarbitoon ook 'n direkte onderdrukkende invloed op die miokardium deurdat dit die intrasellulêre beskikbaarheid van Ca^{2+} verlaag^{72 144}. Die kontraktiliteit van die geïsoleerde hartspier word onderdruk⁷² en die spits aortavloei, maksimale aortaversnelling en slagvolume neem af¹⁴⁴.

Na die toediening van natriumpentobarbitoon is daar 'n geleidelike afname in die plasmakonsentrasie daarvan. Dit word veroorsaak deur die herdistribusie van die natriumpentobarbitoon na ander weefsels benewens die brein. Hierdie herdistribusie en die gevolglike geleidelike daling in die plasmakonsentrasievlak van natriumpentobarbitoon is gewoonlik verantwoordelik vir die herwinning van bewussyn¹⁰⁰.

Daar sal dus verwag kan word dat as hartfunksie deur

die narkose beïnvloed is, dit geleidelik na normaal sal terugkeer. 'n Aanvanklike styging in hartsnelheid en 'n daaropvolgende daling tot en met 27 minute na die toediening van narkose is onwaarskynlik, omdat die aanvanklike stimulerende invloed van natriumpentobarbitoon-toediening 'n kort tydsduur het³³. Die normale hartsnelhede van rotte is ook gewoonlik hoër as die waarde wat verkry word 27 minute na toediening van natriumpentobarbitoon (ongepubliseerde gegewens). Die moontlikheid van toenemende onderdrukking van die hartsnelheid met verloop van tyd, word uitgeskakel deur die vinnige herdistribusie en gevolglike daling van die konsentrasie van natriumpentobarbitoon in die brein. Die afname in hartsnelheid kan dan moontlik toegeskryf word aan 'n afname in die onderdrukking van die parasimpatiese senuweestelsel, met die gevolg dat parasimpatiese tonus sal oorheers. Die parasimpatiese oorheersing kan moontlik ook die gevolg wees van simpatiese blokkering deur onderdrukking van die perifere simpatiese ganglia deur die natriumpentobarbitoon.

Die amplitudes van die ejeksiebolwe van die ballistokardiogram neem af, omdat die hartsnelheid afneem en die miokardium, waarvan die kontraksievermoë alreeds direk aangetas is deur natriumpentobarbitoon, verder geïnhibeer word deur die toename in parasimpatiese stimulasie en moontlike anoksie wat kan ontstaan as gevolg van afname in hematokrit^{63 70}.

Die verhouding van die H-golf amplitudeveranderinge ten opsigte van die I-golf amplitudeveranderinge, dit wil sê, H' -amplitude + H'' -amplitude + H''' -amplitude/ H'' 'I-

amplitude kon geneem word as 'n moontlike indeks van die meganiese doeltreffendheid van ejeksie. In die laaste kolom van tabel 4.4 kan gesien word dat daar met verloop van tyd na die toediening van narkose 'n vergroting in die $\Sigma H/H''I$ -verhouding is. Dit dui daarop dat die ballistiese kragte wat ontstaan tydens die isovolumetriese kontrakiefase, groter word, terwyl daar 'n afname in die ejeksiekragte van die hart is. Volgens die bogenoemde indeks is daar dan 'n afname in die meganiese, of te wel die vloeidoeltreffendheid, van die hart. Dit kan moontlik as volg verklaar word:

Die belaste hart, soos beskryf word in die voorafgaande paragrawe, kan nie die normale omsetting van metaboliese energie na ejeksie-energie handhaaf nie, met die gevolg dat baie energie verlore gaan in ongekoördineerde miokardiale sametrekking en vergrote beweging van die hart³³, wat noodwendig die ejeksie-effektiwiteit van die hart sal verlaag. Die toename in $\Sigma H/H''I$ -verhouding verteenwoordig dus moontlik die toename in hartbeweging³⁶ en ongekoördineerdheid van kontrakie, sowel as 'n afname in linkerventrikulêre ejeksiekrag.

Uit die resultate is dit dus duidelik dat die "normale" ballistokardiogram van die rot altyd 'n funksie is van die effek van die narkosemiddel op die kardiovaskulêre stelsel. Die effek van die narkosemiddel op die kardiovaskulêre stelsel verander met verloop van tyd. Dit veroorsaak dat die amplitudes groter of kleiner word, afhangende van die golf of segment in oënskou. Gevolglik moet die ballistokardiogram van die rot altyd op 'n spesifieke tyd na die toediening van narkose ge-

registreer word. As dié prosedure nie gevolg word nie, kan die ballistokardiogramme van dieselfde rot wat by verskillende geleenthede geregistreer is, of van verskillende rotte, nie met mekaar vergelyk word nie.

1.5 Die slag-tot-slagvariasie

In tabelle 4.5 en 4.8 word die slag-tot-slagvariasie vir die 15 rotte van proefgroep vier vir onderskeidelik meetmetode een en meetmetode twee, weergegee. As maatstaf vir variasie word die koëffisiënt van variasie V_1 gebruik. Die waardes vir V_1 word gegee op verskillende tye na toediening van narkose vir drie agtereenvolgende weke.

Uit tabel 4.5 blyk dit dat die slag-tot-slagvariasie groot is vir die verskillende gemete golwe en segmente. Die maksimum V_1 -waardes vir H' is 94, vir H" 72, vir H"' 44, vir H"'I 37, vir IJ 101, vir LM 86 en vir MN 65. Die slag-tot-slagvariasies vir H', H", LM en MN is gewoonlik groter as die slag-tot-slagvariasies vir H"' en H"'I. Die slag-tot-slagvariasies van H"'I is gewoonlik die kleinste. Die bogenoemde patroon blyk 'n inherente eienskap van die rotballistokardiogram te wees, want dit kom konstant voor, dit wil sê, tydens elke opname elke week, op elke spesifieke tyd na narkotisering van elke rot. Dit verander ook nie na die vashegting van die hart aan die borswand (tabel 4,15) of na afbinding van die koronêre arterie nie (tabel 4,21).

As gevolg van die feit dat die slag-tot-slagvariasie

		Koeffisiënt van variasie (V ₁) van ballistokardiofogram-amplitudes																				
Rot no.	Tyd na verandering minute	Week 1							Week 2							Week 3						
		H'	H''	H'''	H''I	IJ	LM	MN	H'	H''	H'''	H''I	IJ	LM	MN	H'	H''	H'''	H''I	IJ	LM	MN
1	12	18,9	38,5	29,8	7,5	7,8	15,3	9,1	13,6	39,4	6,5	12,4	23,6	9,1	21,9	16,1	24,9	9,8	7,3	7,4	17,3	14,5
	17	25,4	42,0	17,6	8,5	10,3	16,9	41,1	33,5	15,5	6,3	19,2	61,0	16,8	12,9	21,3	50,9	15,7	13,6	20,9	21,1	20,8
	22	21,5	22,0	16,4	17,1	45,4	28,1	47,7	49,8	45,4	12,2	8,3	35,6	12,3	19,7	38,7	52,4	12,7	11,3	17,2	11,5	18,1
	27	26,7	9,5	21,1	12,9	21,4	5,1	9,6	57,5	25,2	9,4	6,4	51,3	18,1	22,2	46,1	35,3	14,7	6,6	35,8	16,3	17,4
	32	39,5	35,7	17,1	5,3	21,3	35,5	11,8	34,7	12,8	17,2	8,4	49,0	19,0	24,2	42,6	34,1	10,2	5,0	26,0	10,0	9,9
2	12	44,4	16,7	6,6	3,5	21,6	45,3	18,9	23,9	10,0	17,3	5,4	15,2	45,2	28,3	22,9	31,6	14,7	4,0	25,1	50,6	34,5
	17	23,6	26,5	8,7	6,2	8,9	8,7	12,3	13,3	28,9	26,7	3,1	14,4	22,6	17,5	21,7	8,7	36,1	8,0	1,5	25,8	28,8
	22	45,0	22,0	6,3	6,1	24,8	19,1	27,1	22,3	23,1	8,4	4,3	21,3	44,0	24,8	21,5	22,9	28,5	6,7	17,0	63,9	65,6
	27	24,3	22,0	11,3	12,2	14,8	52,5	30,0	20,3	42,4	10,7	6,7	22,1	31,6	19,4	11,2	35,4	32,3	9,3	17,7	30,6	36,9
	32	14,2	31,6	12,7	5,5	19,4	46,9	7,8	21,1	25,7	8,5	4,1	18,3	24,6	25,1	56,9	23,1	7,9	8,6	7,2	22,1	38,0
3	12	45,2	12,8	13,1	17,8	35,7	31,5	26,3	28,3	18,6	7,8	9,5	34,7	35,0	33,5	38,7	22,6	9,3	4,8	25,6	24,5	32,7
	17	22,5	24,6	24,6	6,6	34,4	33,3	11,6	24,5	16,1	8,6	13,4	11,6	28,0	14,6	55,9	33,3	10,7	15,9	31,7	32,6	32,3
	22	19,4	17,3	14,3	12,1	45,3	36,3	21,1	10,5	20,2	4,0	10,3	63,3	39,5	7,1	49,5	22,0	13,2	7,8	35,5	25,6	34,5
	27	90,0	41,7	10,2	19,6	84,1	29,7	25,2	50,1	14,4	6,6	13,5	50,0	19,4	10,3	21,7	15,2	10,5	4,0	7,8	21,8	7,9
	32	16,5	12,3	6,5	17,0	23,1	27,8	14,1	28,3	20,3	24,7	2,6	0	22,8	4,3	40,8	24,2	13,2	10,1	41,1	9,0	23,8
4	12	40,6	23,9	12,0	1,6	34,3	0	7,1	45,4	36,8	13,0	8,3	21,0	40,2	29,0	38,6	42,5	52,4	11,1	38,4	72,4	37,5
	17	45,8	33,3	20,3	10,5	17,8	43,3	11,5	0	16,9	3,5	2,2	35,4	10,9	14,1	48,0	28,0	20,9	9,1	23,4	35,4	21,4
	22	33,7	7,4	36,7	2,1	10,4	38,6	15,7	18,2	14,7	31,3	11,0	30,4	52,7	28,4	32,8	24,5	28,0	27,6	29,6	38,5	33,8
	27	0	10,9	13,8	6,5	5,7	17,7	19,8	61,2	29,8	20,0	18,3	78,9	16,5	29,8	104,8	69,9	19,3	5,7	13,9	15,4	17,6
	32	15,7	10,5	11,2	10,5	15,7	23,5	15,1	67,8	12,8	2,4	7,0	28,7	79,8	38,7	0	9,9	13,8	8,6	23,2	36,6	20,2
5	12	28,3	16,9	23,0	7,8	71,9	33,4	27,6	28,1	22,8	6,9	10,4	14,3	24,7	43,8	33,0	28,1	17,2	12,1	14,0	29,5	40,8
	17	25,7	11,0	15,0	8,2	54,0	33,9	18,4	35,7	20,5	5,6	6,9	35,2	18,6	17,5	33,0	64,8	19,2	18,5	20,1	56,6	55,0
	22	50,7	36,9	16,4	11,7	47,5	27,4	22,3	21,7	9,1	11,2	13,9	101,1	7,0	12,2	35,3	72,0	11,9	23,5	17,2	25,3	31,0
	27	41,8	20,5	18,4	15,1	29,8	41,6	20,2	28,9	18,1	24,2	25,9	40,7	46,1	29,8	47,1	35,4	12,9	8,5	36,1	21,1	17,0
	32	74,2	17,6	14,4	7,4	56,6	31,6	0	53,4	19,3	9,8	11,0	54,1	14,3	14,6	28,8	18,9	7,8	8,7	42,8	27,7	19,3
6	12	31,1	30,6	20,8	16,5	22,5	58,1	16,2	70,7	52,6	11,2	8,6	16,6	37,3	17,3	32,7	48,5	16,7	10,1	10,5	20,1	27,0
	17	18,2	17,1	13,7	11,4	15,3	28,6	9,3	76,9	47,1	12,9	13,2	17,5	46,0	17,2	18,2	27,3	7,0	7,4	31,1	16,2	25,7
	22	35,2	27,8	11,1	9,1	20,4	16,7	7,7	52,2	48,2	12,4	11,8	42,1	17,2	22,8	54,3	35,0	10,9	8,3	28,3	17,6	13,2
	27	35,0	24,6	13,3	13,0	60,0	25,9	16,1	66,7	28,1	6,7	2,2	36,1	15,2	23,1	45,5	36,2	23,4	12,2	22,5	17,2	25,1
	32	39,6	24,3	8,5	8,2	43,4	15,3	9,1	0	30,4	12,7	5,5	38,5	19,4	20,4	49,5	25,0	6,8	6,1	52,2	30,6	25,3
7	12	34,7	13,0	8,7	11,9	18,3	33,1	28,0	56,8	14,1	20,7	8,0	29,8	46,0	41,2	40,8	15,2	4,6	5,5	10,7	17,8	15,2
	17	44,9	24,4	17,0	8,6	23,0	41,2	15,9	35,3	12,8	22,6	20,3	20,3	36,3	22,4	0	19,3	4,4	8,8	23,6	10,0	10,4
	22	40,0	9,1	8,7	11,2	30,0	23,1	0	98,5	14,0	20,6	7,9	17,8	15,4	17,6	63,2	16,7	8,4	10,1	16,0	33,4	41,5
	27	42,1	20,9	7,8	6,2	27,0	38,9	20,6	44,5	10,0	16,3	10,0	21,1	52,5	18,4	46,5	6,9	5,2	11,9	40,2	15,9	18,8
